# AFRIKAANS

# *Sonder Sukkel*

## VIR ENGELSSPREKENDE LEERLINGE




*Stander, Bosman en van Schalkwyk*

Skb
439.36824
STA

# Afrikaans Sonder Sukkel

# AFRIKAANS SONDER SUKKEL

VIR

*Engelssprekende Leerlinge*

**STANDERD VI**

DEUR

**M. STANDER, B.A. (P.H.)**

(Skrywer van *Oral Composition and Vocabulary, Oral and Written Composition, Everyday English for Afrikaans-speaking Pupils* [*Upper Primary Standards*], *Reading and Comprehension Series*, ens.)

IN MEDEWERKING MET

**J. D. BOSMAN, M.A.**

(*Eksaminator in Afrikaans*)

EN

**A. A. van SCHALKWYK, M.A.**

(*Senior onderwyser in Afrikaans aan die Hoërskool Jan van Riebeeck, Kaapstad*)

MASKEW MILLER BEPERK

KAAPSTAD

G 72/5497

*Gedruk deur*
*The Standard Press, Limited*
*Commercial-straat* 44/46
*Kaapstad*

(7½) [N-SL]

# VOORWOORD

Dit is met vrymoedigheid dat ek hierdie reeks taalboekies vir gebruik in die Laerskool wil aanbeveel. In 'n land waar tweetaligheid verpligtend is en die onderwys van die tweede taal dikwels so veel moeilikhede oplewer, is dit 'n troos en 'n bemoediging om te verneem dat Afrikaans as tweede taal sonder sukkel aangeleer kan word. Die titel van die reeks is op sigself 'n inspirasie.

Of die skrywers in hul doel geslaag het? Aan die vorm en inhoud, te oordeel, wil dit my voorkom of die vraag sonder aarseling bevestigend beantwoord kan word. Ek noem 'n paar gronde waarop hierdie mening berus.

Deur al die lessies heen val die hoofklem steeds op die lewende taal, en speel die regstreekse onderwys van grammatika feitlik geen rol nie. Daarby word die leerling ongemerk verplig om aktief en selfwerksaam te wees, en kry hy weinig kans om die taal te sien as woorde wat in 'n boek gedruk staan of slegs van die onderwyser se lippe gehoor word. Hy moet praat, handel, *dramatiseer*, soos dit telkens in die oefeninge genoem word. En die dinge waaroor dit alles gaan, is dinge wat binne sy bevattingsvermoë lê en waarin hy veronderstel kan word om belang te stel. Die woordeskat, wat geleidelik deur die verskillende standerds opgebou word, is by die behandelde onderwerpe sowel as by die leerling se leeftyd en ervaring aangepas. Ander skoolvakke, soos rekenkunde en aardrykskunde byvoorbeeld, word soms in die taallesse betrek, en dien dus om die gebruik van die taal ook as instrument te beklemtoon. Dit is soos dit behoort te wees: die lewende taal in alle vakke en te alle tye.

Die gepubliseerde voorligting wat die Kaapse Onderwysdepartement by die leerplan vir die onderwys van Afrikaans as tweede taal gee, is nie alleen omvattend nie, maar berus ook op gesonde taal- en opvoedkundige beginsels. Die skrywers het klaarblyklik dankbare gebruik van dié voorligting gemaak, en verdien die sukses op hul werk wat ek hulle hiermee toewens.

M. C. Botha.

# KENMERKE VAN DIE REEKS

Hierdie reeks taalboekies voldoen aan die vereistes van die moderne taalonderrig en is opgestel volgens die jongste leerplan van die Kaapse Onderwysdepartement. Dit behoort ook geskik te wees vir gebruik in al die ander provinsies van Suid-Afrika, aangesien die verskillende leerplanne tans in hoofsaak ooreenstem.

Die vernaamste kenmerke van *Afrikaans Sonder Sukkel* is die volgende:

(1) Die hele reeks is doelbewus stelselmatig opgestel en handhaaf sorgvuldig deurlopendheid in al die dele. Oordeelkundige herhaling en stelselmatige hersiening in opeenvolgende dele van die reeks sal deeglikheid in die hand werk en die taak van leerling en leerkrag baie vergemaklik.

(2) 'n Sorgvuldige keuse van leerstof wat pas by die ontwikkelingstadium van die leerling, kenmerk al die dele van die reeks.

(3) Voldoende aandag word bestee aan doelbewuste, praktiese mondelinge werk.

(4) Die behandeling van 'n groot aantal natuurlike, lewendige samesprakies is 'n belangrike kenmerk van hierdie reeks. Hierdie samesprakies sal leerlinge help en aanspoor om natuurlike, idiomaties-korrekte spreektaal te gebruik. Deur die herhaling wat dramatisering noodwendig meebring, sal korrekte vorme vasgelê word en taal- en spelfoute doeltreffend bestry word.

(5) Praktiese grammatika en nuttige skriftelike werk neem stelselmatig in belangrikheid toe in die boekies vir die hoëre standerds, maar mondelinge voorbereiding en bespreking speel nog altyd 'n belangrike rol. Geleentheid word herhaaldelik geskep vir mondelinge beoefening van alles wat onder taalstudie behandel is.

(6) Alle grammatika wat behandel word, beoog 'n nuttige, funksionele doel.

(7) Die induktiewe metode word deurgaans gevolg. Deur middel van voldoende praktiese voorbeelde word belangrike begrippe deeglik aan die leerling se verstand gebring. Hierdie begrippe word dan verder deur toegespitste drilwerk vasgelê. Grammatiese reëls word in enkele noodsaaklike gevalle gebruik, maar grammatiese reëls dien nooit as uitgangspunt nie.

(8) Veelvuldige drilwerk word gegee in die gebruik van vorme en konstruksies wat vir die Engelssprekende leerling moeilikheid oplewer, veral die regte gebruik van die werkwoord, verboë vorme, dubbele ontkenning en die woordorde in Afrikaans. Die groot verskeidenheid toegespitste driloefeninge dien nie slegs as intensiewe hersiening nie, maar verskaf ook die nodige drilwerk om kennis wat tevore opgedoen is te organiseer en vas te lê.

# INHOUD

| | Bladsy |
|---|---|
| **Afdeling A: Algemene Taalwerk** ... ... ... ... | 1 |
| Wolbek, My Hondjie ... ... ... ... ... | 1 |
| Ons Bak die ou Tuinjong 'n Poets... ... ... ... | 2 |
| Speel Julle is op 'n Partytjie ... ... ... ... | 4 |
| Siek Mense en Behandelings ... ... ... ... | 5 |
| Perderesies ... ... ... ... ... ... ... | 8 |
| Die Stadseun Kuier op 'n Wynplaas ... ... ... | 11 |
| Op 'n Vrugteplaas ... ... ... ... ... ... | 13 |
| Die Stadslewe en die Plaaslewe ... ... ... ... | 14 |
| Hoenderboerdery ... ... ... ... ... ... | 14 |
| Die Voetbalwedstryd, ens. ... ... ... ... ... | 17 |
| Hou die Dood van die Pad af ... ... ... ... | 19 |
| Oor Motors en Motorongelukke ... ... ... ... | 21 |
| Beduie die Pad, Asseblief ... ... ... ... ... | 23 |
| Die Aardrykskunde van Suid-Afrika ... ... ... | 25 |
| Lande, Volke, Tale, ens. ... ... ... ... | 26 |
| Geskiedenis en Burgerleer ... ... ... ... ... | 28 |
| Op Skool ... ... ... ... ... ... ... | 29 |
| Telwoorde ... ... ... ... ... ... ... | 30 |
| Rangtelwoorde ... ... ... ... ... ... | 31 |
| Breuke... ... ... ... ... ... ... ... | 31 |
| Afkortings ... ... ... ... ... ... ... | 32 |
| Sakebriewe ... ... ... ... ... ... ... | 33 |
| Nog Onderwerpe vir Stelwerk ... ... ... ... | 34 |
| **Afdeling B: Praktiese Grammatika** ... ... ... ... | 38 |
| Die Woordorde in Afrikaans ... ... ... ... | 38 |
| Die Drie Hooftye ... ... ... ... ... ... | 45 |
| Die Werkwoord (vervolg) ... ... ... ... ... | 47 |
| Die Bedrywende en die Lydende Vorm ... ... ... | 49 |
| Die Direkte en die Indirekte Rede ... ... ... | 51 |
| Die Ontkenning ... ... ... ... ... ... | 55 |
| Die Selfstandige Naamwoord ... ... ... ... | 57 |
| Enkelvoud en Meervoud ... ... ... ... | 57 |
| Manlike en Vroulike Geslag ... ... ... ... | 61 |
| Verkleinwoorde ... ... ... ... ... ... | 62 |
| Voornaamwoorde ... ... ... ... ... ... | 64 |
| Die Byvoeglike Naamwoord ... ... ... ... | 67 |
| Trappe van Vergelyking ... ... ... ... ... | 70 |
| Bywoorde ... ... ... ... ... ... ... | 71 |
| **Afdeling C: Gemengde Toetsoefeninge** ... ... ... ... | 74 |

# Afdeling A

## ALGEMENE TAALWERK

## WOLBEK, MY HONDJIE

Ek het die ou dingetjie een aand laat vir drie sjielings gekoop en hom onder my baadjie huis toe gebring. Die ou lyfie het gebewe van die koue en van angs, en Wolbekkie het aaneen droewig getjank. Maar sy verdriet het nie lank geduur nie, want ek het die outjie gou-gou gelukkig laat voel. En kyk hoe lyk hy nou! So vet soos 'n speenvarkie! Daar sit die klein vabond op die stoeptrappie, met Oupa se sokkie in sy wolbekkie. Probeer hom net vang, dan waggel-waggel hy om die hoek en sit jou en uitlag met sy vriendelike bruin ogies en bedrywige stomp stertjie. Hy terg almal, die liewe klein stouterd. Mammie jaag hom met 'n besemstok as hy vuil spore in die gang trap; Pappie skel hom uit vir 'n ou brak as hy bene in die blombedding begrawe, en ek belowe hom heeldag 'n pak slae, maar kan dit nie oor my hart kry om my ou Wolbekkie regtig te straf nie. „Kom hier, Oubaas se Wolbek, kom gee vir Oubaas nou mooi die hand. Mooi so! Oubaas verruil hom nie vir al die honde in die hele wêreld nie!"

A. Beantwoord die volgende vrae in volsinne:
   (1) Wanneer het die hondjie droewig getjank?
   (2) Waarom was hy gou tevrede en gelukkig?
   (3) Waarom waggel hy as hy loop?
   (4) Hoe terg die hondjie die kind se pa?
   (5) Waarom doen die kind nie wat hy belowe nie?

B. Vorm verkleinwoorde van: hond, stert, bek, oë, speenvark, spore, blombedding, besemstok.

C. Vul byvoeglike naamwoorde in:
   (1) Die hondjie is **oulik**. Dis 'n **oulike** hondjie.
   (2) Hy tjank droewig. Dis 'n ...... stemmetjie.
   (3) Hy voel gelukkig. Dis 'n ...... hondjie.
   (4) Sy oë is vriendelik. Hy het ...... oë.
   (5) Sy stertjie is bedrywig. Hy het 'n ...... stertjie.

D. Skryf nou 'n mooi paragraaf oor jou eie hondjie. As jy nie een het nie, verbeel jou dan maar dat jy een besit.

E. Besprekings:
   (1) Hoe om honde te behandel.
   (2) Hoe honde mishandel en bederf word deur wrede of onkundige mense.

F. **Geluide:**

Lees hardop en leer:

Honde blaf, knor en tjank.
Katte miaau.
Beeste bulk.
Bulle brul.
Perde runnik.
Esels skree of balk.
Varke steun en kreun en skree.
Skape blêr.
Leeus brul.
Tiers knor en brom.
Olifante trompet.
Bobbejane blaf.
Jakkalse skree.
Wolwe huil.
Voëltjies sing en tjilp.
Duiwe koer.
Hane kraai.
Leghenne kekkel.
Broeishenne kloek.
Kuikens piep.
Eende kwaak.
Ganse blaas en skree.
Kalkoene koel-koel.
Patryse skree.
Volstruise brom.
Die wind suis deur die blare.
Die wind fluit en huil deur die sleutelgat.
Blare ritsel in die windjie.
Die takke kners en kraak.
Die donderweer kraak en dreun en rommel en rol.
Reëndruppels kletter op die dak.
Golwe dreun en bulder teen die rotse.
Stroompies water kabbel oor die klippe.
Voete stamp en trap en klap.
'n Ou motor rammel en dreun.
Remme skree en knars.
Kanonne bulder en koeëls fluit.
'n Vlag wapper in die wind.

## ONS BAK DIE OU TUINJONG 'N POETS

Ou Kerneels is 'n goeie ou siel, maar hy het een groot fout: hy is baie lief vir dagga, en 'n daggaroker is nou eenmaal nie 'n flukse werker nie.

Namiddae slaap die ou dikwels tot drie-, vieruur in die lekker sonnetjie agter die kweperlaning. Verlede Maandag was dit weer so. Ek en Kowie het toe met Pa saamgestap om ou Kerneels te gaan wakker maak. Die ou het net verleë gelag en gesê: „Aitsa! die sonnetjie vang 'n mens darem lekker, my baas. Ekskuus, my grootbaas!" My pa het net sy kop geskud, effens geglimlag en weggestap sonder om die ou te bestraf. Maar ek en Kowie het saam 'n plan beraam om Kerneels 'n poets te bak en 'n les te leer.

Die volgende dag het die ou hom nie weer verslaap nie, maar die dag daarna was die son weer te warm vir 'n daggaroker. Ons het

saggies nadergesluip, die tuinslang se punt by sy hemp ingedruk, die kraan vol oopgedraai en toe tussen die hoë onkruid platgeval.

Ou Kerneels het soos 'n klip geslaap. Die water het oral uitgeborrel, maar ou Kerneels snork maar voort. Uiteindelik word hy darem wakker, maar sonder om eens te skrik. Hy het seker van 'n donderbui gedroom, want hy kyk eers verbaas op na die blou lug. Toe gewaar hy die ding onder sy hemp. Hy ruk die tuinslang uit en die sterk stroom water tref hom vol in sy gesig. Die ou vlieg op—nou helder wakker! Toe hy soos 'n nat hoender na die kraan se kant toe stap, kon ek my lag nie langer bedwing nie. Ek en Kowie bars toe uit van die lag. Ja, ons rol van die lag daar in die hoë onkruid tussen die pampoene.

Die arme ou drommel was nie eens kwaad nie. „Ai, die basies! Die basies!" lag die ou verleë, en tel toe lui-lui, met 'n kreun en 'n steun die skoffel op. Voetjie-vir-voetjie stap hy toe na die plek waar hy die voormiddag al opgehou het met skoffel.

„Ons sal hom nog baie poetse moet bak!" sê Kowie toe ons lag-lag huis toe stap om te vertel van die peltalje in die tuin.

A. Beantwoord die volgende vrae in volsinne:

(1) Waarom was ou Kerneels so lui, veral in die somer?
(2) Waarom wou die twee seuns hom 'n poets bak?
(3) Hoe weet jy dat die ou baie vas geslaap het?
(4) Waarom was hy so verbaas?
(5) Wat het hom helder wakker laat word?
(6) Wat het die seuns laat uitbars van die lag?
(7) Waarom het hulle gedink dat dit nodig sou wees om Kerneels nog baie poetse te bak?

B. Maak goeie sinne met hierdie woorde:

Voegwoorde: maar, toe.
Bywoorde: verleë, oral.
Verdubbelings: lui-lui, lag-lag, steun-steun.

C. Vul passende werkwoorde in:

Om iemand 'n poets te ......
Om 'n plan te ......
Om jou lag te ......
Om wakker te ......
Om iemand wakker te ......

D. Lees die verhaal van ou Kerneels nou weer deur en vertel dit dan sonder om in die boek te kyk.

E. Beskryf nou nog 'n poets wat die twee seuns ou Kerneels gebak het; of vertel van 'n poets wat julle iemand gebak het, of wat iemand anders julle gebak het.

## SPEEL JULLE IS OP 'N PARTYTJIE

A. Stel mekaar vrae:

(1) Wat sal jy gebruik: tee of koffie of koeldrank?
(2) Wat kan ek jou aanbied om te eet?
(3) Moet ek vir jou melktert of koek bring?
(4) Watter soort? (vrugtekoek, sjokoladekoek, versierde koek, koek met vulsel, soetkoekies, gemmerkoekies, suikerbrood, bruidskoek, verjaardagkoek, ens.)
(5) Het jy lus om na die musiek te luister?
(6) Van watter soort musiek hou jy die meeste? (dansmusiek, boeremusiek, volkswysies, vrolike musiek, mooi melodieë, outydse musiek, klassieke musiek.)
(7) Van watter musiekinstrument hou jy die meeste? (viool, klavier, orrel, trekklavier, konsertina, mondfluitjie, ghitaar, fluit, trompet, tamboer.)
(8) Speel jy klavier?
(9) Speel jy kaart?
(10) Het jy lus om 'n bietjie kaart te speel?
(11) Kan jy brug speel?
(12) Hoe laat wil jy huis toe gaan?
(13) Sal ons nou maar huis toe gaan, of het jy lus om nog langer te bly?
(14) Het jy die aand geniet?
(15) Het jy die gasheer en gasvrou al bedank?

B. Stelwerk (Mondeling):

Beskryf nou 'n partytjie wat julle baie geniet het; of 'n partytjie wat 'n mislukking was; of 'n partytjie wat julle nog gaan hou. Hieronder volg nog woorde en uitdrukkings wat julle kan gebruik: netjies aangetrek, aangehad, mooi gelyk, om agtuur daar aangekom, verwelkom deur die gasheer en die gasvrou, baie vriendelik, gesellig, vrolike gaste, almal opgeruimd, speletjies, stoep, grasperk, groot lawaai, orkes, radiogram, grappe vertel, grappige gaste, 'n ou grapmaker, die gaste laat skaterlag, in die sitkamer, musieknommers, talentvol, musiek en sang, verversinge bedien, 'n groot verskeidenheid, daar was . . ., nog musiek en speletjies, kompetisies, toe al laat, tyd om huis toe te gaan, hartlik dankie gesê, baie aangename aand, sien uit na die volgende partytjie.

## SIEK MENSE EN BEHANDELINGS

### (i) Ons Besoek 'n Hospitaal

Lees, bespreek en dramatiseer die onderstaande gesprek tussen Piet, die pasiënt, en Ben, die besoeker.

B: Hoe gaan dit nou met jou, ou Piet?

P: 'n Bietjie beter, dankie, Bennie.

B: Het jy nog baie pyn in die wond?

P: Nie meer so erg nie. Ek voel net altyd 'n dowwe pyn.

B: Slaap jy darem goed?

P: Nie te goed nie. Die dokter moet my saans inspuitings gee om die pyn te verdoof, sodat ek aan die slaap kan raak.

B: Ek hoop regtig jy herstel sommer gou, sodat ons weer lekker kan saamspeel en saam gaan stap, ou maat.

P: Dankie, ou Bennie. Maar vertel my nou eers al die nuus van die skool en die koshuis en die dorp. Ek is baie nuuskierig om alles te weet.

B: Nou goed.

(B vertel P interessante nuus.)

P: Baie dankie vir jou besoek, ou maat. Ek voel nou sommer baie beter.

B: Nou ja, alles ten beste, Piet. Hou maar moed. Binnekort is jy weer op die been en perdfris.

P: Baie dankie. Groete aan al die ou maats.

B: Dankie. Almal mis jou baie in die koshuis en in die skool. Nee wag, die besoek-uurtjie is om. Ek moet nou maar loop. Totsiens, Pieta.

P: Totsiens, Bennie.

A. Vrae:

(1) Gaan dit beter met Piet?
(2) Slaap hy snags goed?
(3) Waarom gee die dokter hom inspuitings?
(4) Hou sy vriende en vriendinne van hom?
(5) Waar loseer Ben en Piet?
(6) Waarom het Ben nie langer by Piet gebly nie?
(7) Hoe het Ben vir Piet moed ingepraat?
(8) Wat was Piet nuuskierig om te hoor?

B. Leer die teenoorgesteldes:
Doodsiek—perdfris.
Gou herstel—stadig herstel.
Dit gaan goed. Dit gaan sleg.
Ek voel beter. Ek voel slegter.
Die pyn is minder. Die pyn is erger.

C. Skrywe nou al die nuus wat Ben vir Piet vertel het omtrent die koshuis en die skool en die dorp. Dink interessante nuus uit.

### (ii) Mnr. Boshoff is Siek

Mnr. Boshoff lê al 'n paar weke siek in die bed. Twee dokters besoek hom 'n paar keer op 'n dag. Snags waak 'n verpleegster by sy bed. Sy temperatuur is vanmiddag honderd-en-een grade, en dit styg nog steeds. Bedags verpleeg sy vrou en 'n verpleegster hom. Daar is altyd iemand by hom in die slaapkamer. Hulle het selfs al telegramme aan sy kinders gestuur om te sê dat hulle dadelik huis toe moet kom.

Vrae:

(1) Is mnr. Boshoff se koors normaal of hoog of laag?
(2) Styg dit of daal dit of bly dit konstant?
(3) Is hy buite gevaar?
(4) Dink jy hy sal môre kan opstaan?
(5) Is sy familie bekommerd oor sy toestand?
(6) Word hy goed verpleeg?

### (iii) Mev. Berg se Beserings

Mev. Berg se motor het gister skielik op 'n gladde modderpad gegly. Sy het toe geskrik en die remme vinnig getrap, met die gevolg dat die motor uit die pad uit geswaai het en teen 'n skuinste afgerol het. Mev. Berg het uitgeval en is ernstig beseer. Haar regterboarm is gebreek. Haar regtersleutelbeen is ook af. Haar regterskouergewrig is uit lid en haar gesig en lyf is vol skrape en kneusplekke, veral die regterkant. Daar is 'n diep sny in haar voorkop en sy ly aan harsingskudding en skok.

A. Vrae:

(1) Waarom het die motor omgeslaan?
(2) Is mev. Berg 'n goeie motorbestuurder?
(3) Het sy op haar linkerkant of op haar regterkant te lande gekom toe sy uitgeval het?
(4) Hoeveel van haar gewrigte is uit lid?
(5) Wat dink jy het die diep sny in haar voorkop veroorsaak?

B. Stelwerk (mondeling en skriftelik): Vertel nou hoedat jy van 'n fiets afgeval het. Beskryf ook die beserings wat jy opgedoen het en die toestand van die fiets na die ongeluk.

### (iv) Swaar Verkoue

A. Vertel mondeling hoe jy verkoue gekry het: buite gespeel—vuurwarm geword—nat gesweet—voor 'n oop venster gaan sit—koel luggie—in 'n trek—dun klere—nie my trui aangetrek nie—vinnig afgekoel—koue rillings—verkoue gekry.

B. Beskryf nou mondeling die simptome (kentekens) van die verkoue en vertel wat jy gedoen het om van die verkoue ontslae te raak: oë getraan—gebrand—neus rooi—geloop—keel seer——genies—lam en lusteloos gevoel—dowwe hoofpyn—gaan lê—koorsig—warm toegemaak—kookmelk en 'n bietjie brandewyn—botteltjie bitter medisyne—gesweet—geslaap—volgende dag beter.

C. Lees en leer:

As my kop seer is, het ek hoofpyn.
As my tand seer is, het ek tandpyn.
As my rug seer is, het ek rugpyn.

### (v) Nog Siektes en Behandelings

Voltooi die onderstaande sinne. Onderstreep die **voegwoorde:**

(1) Die dokter het my arm gespalk toe ......
(2) Die verpleegster het die wond ontsmet, want ......
(3) Die pasiënt moes 'n slaapdrank gebruik, want ......
(4) Toe die wond versweer het, het die dokter ......
(5) As jy jou enkel verstuit, moet jy ......
(6) As jou elmboog- of skouer- of kniegewrig uit lid is, moet die dokter ......
(7) Voordat die snydokter begin met 'n operasie, ......
(8) As die dokter die operasie klaar gedoen het, word ......
(9) As kanker eers ver gevorder het, ......
(10) As iemand aan 'n aansteeklike siekte ly, ......
(11) Daar is nie hoop op herstel nie, want ......
(12) Die dokters kan niks vir hom doen nie, want ......
(13) Sy is bang om haar tand te laat trek, want ......
(14) Terwyl die tandarts besig was om haar tand te stop, het ......
(15) Terwyl die dokters besig was met die ernstige operasie, het die pasiënt ......

(16) Sy koors was só hoog dat ......
(17) Sy hart was só swak dat ......
(18) Die pyn was só ondraaglik dat die dokter verplig was om ......
(19) Nadat hy jarelank aan borskwaal gely het, het ......
(20) Sy het nie na 'n dokter gegaan nie, want ......
(21) Sodra sy temperatuur normaal is, mag hy ......
(22) As daar nog uitslag op sy vel is, mag ......

(vi) **Mondelinge Stelwerk:** 'n Besoek aan 'n hospitaal: 'n vriend of 'n familiebetrekking gaan besoek—besoektyd—matrone se kantoor—nommer van slaapsaal—blomme en eetgoed—gesels lekker—ander pasiënte—jammer—baie pyn—besoektyd om—verpleegsters en susters baie besig—huisdokter wys ons die operasiesaal—instrumente—ontsmettingsmiddels—bedank hom vir sy vriendelikheid—huis toe—dankbaar dat ons gesond is—stuur nou gereeld blomme en eetgoed vir pasiënte—knyp van my sakgeldjies af—kollekteer vir die hospitaalfonds.

## PERDERESIES ('N PERDEWEDREN)

Silver Streams,
Dist. Grahamstad,
12 Januarie 19...

Beste Sarel,

Jy trek nou seker jou hare uit jou kop van berou omdat jy nie saam kom kuier het nie, nè? Daar sit jy nou langs die teerstrate met 'n leë beursie, en hier ry ek bedags lekker in die veld rond op oom Mike se spogperde. Ja, boetie, en ry is vry!

Laat ek vir jou vertel hoe beroemd ek en ou Vos geword het. Ou Vos is 'n dierbare vosmerrie. En sy is nie sommer 'n ou botterkoppie nie. O nee! Haar oupa-grootjie kom uit Amerika, en haar ouma was ook nie 'n donkie nie! Sy is 'n groot, sterk ryperd, vol vuur, maar tog geskik.

Ek was vanoggend net besig om Vos op te saal om 'n entjie te gaan ry, toe ek 'n ruiter oor die bultjie sien kom, so 'n vierhonderd treë van die werf af. Hy het op 'n stadige galoppie op 'n pragtige swart hingsperd gery.

„Daar kom mnr. Blythe aan. Hy ry vanoggend weer op sy ingevoerde hings," hoor ek tant Myra hier agter my in die kombuis sê.

„Is dit nie 'n pragtige dier nie! Het hy al resies met hom gejaag, Tante?" vra ek vol belangstelling.

„Nee, nog nie, maar Saterdag gaan hy deelneem aan die jaarlikse sportbyeenkoms in die stad. Hy sê daar is nie 'n perd in die hele Oostelike Provinsie wat Black Magic kan klop nie."

Oom Mike en ou Makuma, die getroue ou bediende, het intussen ook hul verskyning op die werf gemaak.

„Môre, mense!" sê die deftige mnr. Blythe, en spring flink, met 'n spoggerige houding van Black Magic se rug af. Hy het 'n nuwe rybroek, nuwe leerkamaste en 'n paar blink stewels met spore aangehad. In sy hand was daar 'n blink peitsie met 'n silwerknop.

My mond het oopgehang. Nog nooit tevore het ek so 'n pragtige ryperd van naby gesien nie.

„Is hy mooi vir jou, boetie?" vra mnr. Blythe, met 'n breë glimlag.

„Pragtig, mnr. Blythe. Hy is seker baie vinnig, nè?"

„Ja-nee, vinnig is hy. Hy spring weg soos 'n koeël uit 'n geweer. Hy hardloop soos blits. Moeg word hy nie. Solank soos wat jy op sy rug kan bly, sal hy aanhou."

„Auk! die baas hy pratte grot!" sê ou Makuma. „Die baas hy moete jaag met die Vos. Die vosmerrie hy's okke vinnig."

„Hierdie ou Vossie? Ag nee wat," sê mnr. Blythe spotlaggend. „Kom ek wys julle wat die swart hings kan doen. Ek sal op hom ry en enigeen van julle kan op Vos ry. Ons sal jaag hiervandaan tot by die drif, om die bloekomboom by die uitspanning net links van die drif en weer terug tot hier op die werf voor die agterdeur. Ek wed tien teen een dat Black Magic minstens twintig treë voor sal wees as ons by die wenpaal kom. Hier is my vyfpondnoot."

„Ons sal liewer nie wed nie, mnr. Blythe, maar ons kan maar net vir die pret 'n bietjie jaag. Sal jy ry, Percy?" sê oom Mike, en lê sy hand op my skouer.

„Ek, Oom?" vra ek verbaas.

„Ja, jy. Jy ry mos nie sleg nie."

En toe maak ons klaar om te jaag! Mnr. Blythe op sy ingevoerde volbloedhingsperd en ek op die groot vosmerrie.

Oom Mike was die afsetter. Die twee perde staan kop-aan-kop voor die agterdeur. My hart stamp van opgewondenheid. „Een—twee—drie!" skree oom Mike en klap met die karwats. Dit was die teken.

Soos 'n koeël uit 'n geweer spring Black Magic weg. Die kluite waai verby my kop en ek sien net swart pote en blink hoewe voor my, tussen Vos se ore deur.

Die aarde dreun, die bossies jaag verby, en dit voel of ek en Vos een geword het. Dit voel of ons sweef oor die aarde.

Die rivier kom vinnig nader—nader. Daar's die bloekomboom! Mnr. Blythe kap vir Black Magic met die skerp spore in die ribbes.

Om die bloekomboom by die drif! Magic draai wyd, maar Vos vlieg kort om die boom.

Nou terug!

Ek sien al weer Magic se agterpote tussen Vos se ore deur. Magic is nog voor, maar Vos is nou kort op sy hakke.

Oor die bultjie! Ek lig my kop effens op en sien die werf—oom Mike—ou Makuma. En toe leun ek effens meer vorentoe, Fanie, en ek skree: „Nou Vossie, nou Vossie, nou Vossie!" En vir die eerste keer kap ek haar so effens in die ribbes met my skoene se hakke.

En toe skuur ek verby Magic se boude; ek raak-raak so aan Blythe se stewels; ek hoor Magic se asem hier langs my fluit. Nee, effens agter my! Agter my! Ek is verby! Vos is voor! Dit voel of my hart wil bars van opgewondenheid. „Vossie, Vossie, Vossie!" skree ek hees in die keel.

Ons dreun verby oom Mike, verby Tante, verby Makuma. Almal skreeu soos mal mense. Verby die agterdeur!

„Auk, die Vos! Auk, die Vos hy wen!" hoor ek ou Makuma oor en oor sê. Die ou slaan met sy vuiste in die lug van pure opgewondenheid en sluk 'n groot pruimpie tabak heel in!

Ek maak 'n draai en kom terug na die groepië mense voor die agterdeur. Ek was só opgewonde dat ek nie 'n woord kon sê nie. Oom Mike gee my 'n handdruk; Tante gee my 'n soen, en ou Makuma staan met sy arms om Vos se nek.

Mnr. Blythe het eers 'n paar draaie met Black Magic gestap om hom koud te lei. Toe kom hy na my toe en sê: „Ou seun, Saterdag moet Black Magic aan 'n groot wedren op Grahamstad deelneem. Daar is nogal baie geld op die spel. Wil jy hom vir my ry?"

„Ek, mnr. Blythe?" vra ek nog meer verbaas as die eerste keer daardie dag.

„Ja, jy. Sal jy? Ek sal jou goed betaal."

En nou, Fanie, kan ek aan niks anders dink nie. Saterdag lyk nog so vreeslik ver! Ek gaan nog iets oorkom van opgewondenheid. As Black Magic maar Saterdag wen! Hou tog duim vir my vas, Fanie. Ek skrywe sommer gou weer—Saterdagaand!

Jou jokkie-vriend,
Percy.

A. Beantwoord die volgende vrae in volsinne:
(1) Waarom kon Fanie spyt wees dat hy nie ook op die plaas gaan kuier het nie?
(2) Verbeter die taal van ou Makuma.
(3) Wat is 'n bossiekop?
(4) Waar was die uitspanning?

(5) Wat is 'n afsetter?
(6) Wat is 'n paar kamaste?
(7) Wat wou mnr. Blythe met die banknoot doen?
(8) Wat het by die bloekomboom gebeur?

B. Lees die brief nou weer deur en vertel dan die inhoud mondeling in jou eie woorde sonder om in die boek te kyk.

C. Skrywe nou die brief wat mnr. Blythe aan 'n vriend geskryf het om te vertel van sy ondervinding op Silver Streams daardie Saterdagoggend toe Black Magic en Vos teen mekaar resies gejaag het.

D. Skrywe Percy se tweede brief aan Sarel.

## DIE STADSEUN KUIER OP 'N WYNPLAAS

Ouplaas,
Dist. Robertson,
30 Maart 19...

Beste Hannes,

Hier op Ouplaas woel die mense nou dat dit so gons om die druiwe-oes in te samel, en ek sit ook maar fluks hand by, al is ek net 'n kuiergas.

Ons ry nou druiwe uit die wingerd met die muilwa. 'n Muil is maar 'n koppige ding en vol streke, maar ek is al net handig met hulle. Ek span al self in en uit en dryf die span muile dat hulle so plat lê in die tuie.

Saans is ek taai van die druiwesap en asvaal van die stof; maar nadat ek onder die stortbad gestaan het, of in die plaasdam geswem het, voel ek sommer weer soos 'n uitgeruste jong perd. Ná aandete dwing ek net om te gaan kuier op Twee Heuwels, die naburige plaas, waar Anton en sy suster Lulu woon. Weekaande gaan ons egter gewoonlik vroeg slaap, want plaasmense woel sommer vroeg in die oggend, en 'n mens moet darem 'n goeie nagrus hê om van donker tot donker hard te werk.

Jy vra my of ek baie druiwe eet! Om die waarheid te sê, ek is al byna teëgeëet aan die lekker soet druiwe van Ouplaas. Ek soek nou net die lekker klein trossies hanepoot met stroopsoet geel korrels uit. Hulle hang gewoonlik aan die sonkant van die stokke. Die korrels kraak so onder 'n mens se tande!

En praat van mos! Oom Alwyn pars 'n gedeelte van sy druiwe-oes in groot parsgate. Na 'n tydjie pomp hy die druiwesap—nou is dit al mos—van die doppe af in 'n ander gat of in groot houtvate. En drink is vry, matie! Het jy al lekker soetmos gedrink? 'n Mens

drink mos altyd te veel mos as jy nie gekeer word nie! En jy weet hoe gulsig ek is!

Moenie dink die wynboere is 'n klomp suiplappe nie. Al teken van dronkenskap wat ek tot dusver hier op die plaas gesien het, was 'n vet ou sogvark wat haar dik gevreet het aan 'n hoop druiwedoppe wat so pas uit 'n parsgat gekom het. Die ou tante was só lekker dat sy eers rondgeslinger het en toe gaan lê het in die bakkende son. Daar het sy lank gelê en kreun en steun en sou seker 'n hartaanval of beroerte van die hitte gekry het, as ons haar nie natgegooi het en met nat sakke toegemaak het nie. Sy was skaars op die been, of sy begin weer te ôg—ôg doppe se kant toe. Ons moes net keer. So 'n vark van 'n vark!

Ou maat, hier staan 'n glasie soetmos langs my. Ek drink jou gesondheid, Hannes!

Jou vriend,
Sammie.

A. Vrae:

(1) Waarom is die kuiergas saans vaal van die stof?
(2) Waarom gaan hy nie saans by Lulu-hulle kuier nie?
(3) Wat is parsgate?
(4) Wat is druiwemos?
(5) Wat is 'n suiplap?
(6) Waarom het die sogvark geslinger?
(7) Waarom moes hulle haar natgooi?

B. Voltooi die volgende sinne:

(1) Ek het skaars begin eet, of ......
(2) ...... is darem alweer op die been.
(3) ...... gelê en ...... van die pyn.
(4) ...... het rondgeslinger, want ......
(5) ...... teëgeëet aan ...... toe ......
(6) ...... op 'n naburige plaas.
(7) ...... van die modder.
(8) ...... al net handig met ......
(9) ...... in die bakkende son.

C. Lees Sammie se brief nog 'n keer deur en gee dan die inhoud daarvan weer sonder om in die boek te kyk. Begin so: Sammy het in die parstyd op Ouplaas in die distrik Robertson gekuier. Almal het hard gewerk, want ...... Sammy het ......

## OP 'N VRUGTEPLAAS

A. Wat ek met vrugte doen:

Ek **pluk** die appel **af.** (Teenwoordige tyd)
Ek **sal** die appel **afpluk.** (Toekomende tyd)
Ek**het** die appel **afgepluk.** (Verlede tyd)

Doen nou dieselfde met die volgende sinne:
(1) Ek skil die peer af. (sal afskil, het afgeskil)
(2) Ek sny die pynappel deur. (sal deursny, het deurgesny)
(3) Ek druk die ryp vye plat. (sal platdruk, het platgedruk)
(4) Ek droog die vye in die son. (sal droog, het gedroog)
(5) Ek gooi die groen vrugte weg.
(6) Ek gee die vrot vrugte vir die varke.
(7) Ma lê baie vrugte in.

B. Druiwe (enkelvoud en meervoud):

'n Tros druiwe. Twee trosse druiwe.
'n Mooi druiwetros. Mooi druiwetrosse.
'n Dik druiwestok. Dik druiwestokke.
Die stingel van die tros. Die stingels van die trosse.

C. Wat kos jou druiwe?

Koper: Wat kos jou druiwe?
Verk: 'n Trippens die pond.
Koper: Is die druiwe lekker soet?
Verk: Ja, stroopsoet. Dis hanepoot. Kyk net hier!
Koper: Ai, kyk die lekker geel korrels!
Verk: Hoeveel s'n wil u hê?
Koper: 'n Sjieling s'n, asseblief.

Nog 'n gesprek: Skryf nou nog 'n gesprek tussen Koper en Verkoper. Hierdie keer is dit perskes en pruime wat te koop aangebied word.

D. Lees hardop totdat jou mond water:

Mooi rooiwang-appels.
Lekker geelvleis-perskes.
Soet pruime met dun skilletjies.
Sappige geel kalbaspere.
Stroopsoet druiwe sonder pitte.
'n Glasbak vol heerlike vrugteslaai met stukkies lemoen, skyfies piesang en geurige pynappel.
'n Sag-gebakte kweper met 'n bietjie suiker daaroor.

## DIE STADSLEWE EN DIE PLAASLEWE

A. Lees en bestudeer die volgende sinne:

(1) Op die plaas staan die mense vroeg op.
(2) In die stad staan die mense laat op.
(3) Die mense gaan vroeg slaap op 'n plaas.
(4) Die mense gaan laat slaap in die stad.
(5) Plaaskinders speel lekker in die veld.
(6) Die meeste stadskinders hou van die bioskoop.
(7) Plaasmense kuier Sondae by mekaar.
(8) Stadsmense ry graag Sondae uit die stad uit.
(9) Plaasvrouens kook lekker boerekos.
(10) Baie stadsvrouens het nie eintlik tyd vir koskook nie.
(11) Stadsmeisies werk in kantore en winkels en fabrieke.
(12) Plaasseuns moet op die landerye en met die diere help.

B. Maak nou nog sinne om te vertel van die plaaslewe en die stadslewe. Julle kan die volgende woorde gebruik: ry perd, ry te perd, perdry, ry in busse, moet jaag om busse te haal, elektriese treine, 'n stil lewe, 'n woelige lewe, lewe goedkoop, die lewenskoste is hoog, elektriese stowe en ander geriewe in die huis, vermaaklikhede, naby groot skole, koshuise, biblioteke, gesonde lewe, oefening in die buitelug, lug onsuiwer, rook en stof, kieme, lewe baie gejaagd, altyd haastig, sukkel baie, arbeid skaars, ens.

C. Debat: Plaaslewe is aangenamer en beter as stadslewe.

## HOENDERBOERDERY

Lees en bespreek die volgende gesprek. Leer nuwe woorde en uitdrukkinge wat daarin voorkom:

H: Wat dra jy daar in die mandjie, Frans?

F: Dis eiers wat ek gaan verkoop.

H: Hou jou pa dan hoenders aan?

F: Ja, my pa boer al lankal met hoenders. Hy is sommer 'n groot hoenderboer. Hy het seker nie minder as duisend henne nie.

H: Hou hy net henne aan?

F: Jy laat my lag, Hans! Wie hou dan net henne aan? Daar is natuurlik hane en kuikens ook. In die winter laat ons duisende kuikens uitbroei.

H: In die winter? Verkluim die arme goedjies dan nie van die koue nie?

F: Hulle sal verkluim as hulle nie reg behandel word nie. Sodra hulle uit die broeimasjien kom, sit ons hulle in warm kuikenhokke of kuikenhuise wat met lampe warm gehou word. Die temperatuur word met termometers gemeet.

H: Verkoop jou pa dag-oud kuikens?

F: Nee, nog nie, maar hy is van plan om sy boerdery uit te brei en sal waarskynlik aanstaande jaar dag-oud kuikens hê om te verkoop.

H: Is dit lonend om met hoenders te boer? Hoenderkos en arbeid is so duur.

F: Dis waar, hoenderkos is baie duur, veral mielies en lêmeel, maar my pa sê hy het darem genoeg wins.

H: My oom se hokke het besmet geraak met hoendervlooie en hoenderluise, en later het die spul hoenders by hope gevrek van allerhande soorte hoendersiektes. Op die ou end het hy romp en stomp verkoop vir 'n appel en 'n ei.

F: Dit gebeur nogal dikwels met hoenderboere, veral as hulle die hokke nie mooi skoon hou nie. Die hoendermis moet gereeld verwyder word; die hokke en slaapstokke moet gereeld met ontsmettingsmiddels bespuit word; die waterbakke en kosbakke moet altyd skoon wees, en die hokke moet gereeld uitgewit word. Dit is raadsaam om ontsmettingsmiddels, soos kaliumpermanganaat, in die drinkwater te gooi.

H: Vaderland! maar dan het 'n hoenderboer mos sy hande vol.

F: Ja-nee, hy bly besig. Die hoenders moet natuurlik ook elke dag gruis en groenkos, soos gekerfde lusern of beeskoolblare of mangelbeet kry.

H: Lê julle henne goed?

F: Ja, baie goed. Dit loon nie die moeite om slegte henne aan te hou nie. Swak leghenne word uitgevang en geslag of verkoop.

H: Met ander woorde, die broei-eiers wat julle gebruik, kom almal van uitgesoekte hoenders?

F: Presies. Jy kan gerus eendag na ons hoenderboerdery kom kyk.

H: Baie dankie. Dit sal baie interessant wees. Ek het nou sommer lus om vir my êrens 'n broeishen te koop of te leen en dan 'n broeisel van julle uitgesoekte broei-eiers te koop om onder haar te sit. Daar is genoeg plek in ons agterplaas vir 'n hen en 'n dosyn kuikentjies!

F: Eiers kan ons aan jou verkoop, maar broeishenne het ons nie! Totsiens, Hans.

H: Baie dankie. Totsiens, Frans.

A. Vrae:
(1) Noem op al die soorte kos wat lêhoenders behoort te kry.
(2) Wat doen hoenderboere om insekte en siektes te bestry?
(3) Hoe verbeter 'n moderne hoenderboer gedurig sy kudde?
(4) Waarom is hoenderboerdery dikwels 'n mislukking? (Skrywe 'n paragraaf hieroor.)

B. Beskryf nou mondeling Hans se onderneming in die agterplaas. Hy het toe 'n broeishen en vyftien broei-eiers gekoop en op klein skaal met hoenders begin boer. Hier volg nog woorde wat julle kan gebruik: lekker warm hoenderhokkie—kassie met strooi—21 dae—pik in die dop—12 uitgekom—skatlike ou kuikentjies—mooi en gesond—piep en pik en skrop heeldag—gruis en wurmpies—ou hen kloek en skrop—kwaai—lekker warm onder haar vlerke—word groter—wei in die bure se tuine—sonde met die bure—sifdraad en pale—hoenderkampie—saai 'n akkertjie lusern—groei vinnig—haantjies vetgemaak—geslag—hennetjies se kammetjies word rooi—begin te kekkel—lê—sakgeld—Unieleningsertifikaat—eendag nodig.

C. Voltooi die onderstaande sinne soos in die voorbeelde.
Voorbeelde:
Die hokke **word** gereeld **skoongemaak.**
Die mis **word** gereeld **verwyder.**
Wanneer hoenders siek is, **word** hulle medisyne **ingegee.**
(Opmerking: Hierdie drie sinne is in die lydende vorm en in die teenwoordige tyd.)
(1) Net uitgesoekte hane word ......
(2) Die hokke word gereeld ......
(3) Die temperatuur in die kuikenhuise word ......
(4) Haantjies word eers ...... en dan ......
(5) Lusern word eers stukkend ...... voordat dit aan hoenders ...... word.
(6) Hoenders moet in 'n kampie ...... word as hulle in die tuin pla.
(7) Die meeste kuikens word in die winter ......

D. Bestudeer hierdie sinne:
Die hoenderboer **soek** die beste hane **uit.**
Die beste hane **word uitgesoek.**
Dit is **uitgesoekte** hane.
Die moderne boer **rig** sy boerdery goed **in.**
Alles word goed **ingerig.**
Dis 'n **goed-ingerigte** boerdery.
Maak nou sinne met: maak vet, word vetgemaak, vetgemaakte.

E. Kies die regte woord:
(1) Die hokke is (besmet, ontsmet) met hoenderluise.
(2) Gebruik 'n ontsmettingsmiddel om die hokke mee te (besmet, ontsmet).
(3) Die kuikentjies verkluim van die (koue, warmte).

F. Leer die volgende saamgestelde woorde:
(*a*) Broei, broeishen, broeimasjien, broei-eiers.
(*b*) Hoenderhen, hoenderhaan, hoenderkos, hoenderboer, hoenderhuis, hoenderkamp, hoendersiektes, hoenderluis.
(*c*) Lêhen, lêhoender, lêmeel, lêtyd.

G. Vul die regte voorsetsels in:
Verkluim ...... die koue; koop ...... die winkel; verkoop ...... 'n appel en 'n ei; verkoop eiers ...... klante; verkoop ...... 'n wins; verkoop ...... 'n verlies.

## DIE VOETBALWEDSTRYD, ENS.

Toe Nuwedorp se skoolspan op die veld draf, het ons Oudorpers se moed byna in ons skoene gesak, want die teenstanders het soos reuse gelyk in vergelyking met ons ou ligte spelertjies.

Dit het maar opdraand in die skrums en lynstane gegaan, maar ons agttal voorspelertjies het woes verdedig en die ou grotes nie sommer maklik laat deurbreek nie. Ons het omtrent twee-derdes van die lynstane en vaste skrums verloor.

Ons agterspelers het uitgeblink. Hulle was lig, maar die samespel was pragtig en ons het deeglik gebruik gemaak van elke kansie wat ons gekry het om 'n beweging op tou te sit.

Ons het die Nuwedorpers van ons doellyn af weggehou tot rustyd. Toe was daar nog geen telling nie. Na rustyd het ons teen die son, maar saam met die wind gespeel. Kort na rustyd het die Nuwedorpers die bal uit 'n losskrum in die hande gekry en op ons doellyn afgestorm. Hulle senter het deurgebreek en 'n mooi drie naby die doelpale aangeteken. Hulle heelagter het maklik vervyf.

Die teenstanders was vasberade om nog punte aan te teken en ons moes al ons kragte toespits op verdediging. Hulle het dan ook op ons doellyn geboer. Twee keer het die bal oor die doellyn gegaan, maar dit is gelukkig deur ons heelagter doodgedruk.

'n Minuut voor die eindfluitjie raap ou Tol Tiekie, ons skrumskakeltjie, die bal pragtig op en skiet dit blitsvinnig uit. Die losskakel vang pragtig; en net toe hulle hom lak, gee hy aan vir die senter, Sarel Seep. Dáár is vir jou 'n agterlynspeler duisend! Ou

Sareltjie skiet deur 'n gaping, pypkan twee, drie teenstanders, nael soos blits veld-af, met sy vleuel, Billy Bones, aan sy sy en gee die bal pragtig aan vir ou Bill net toe die heelagter hom duik en lak. Bill duik toe oor die doellyn en teken 'n drie aan vir Oudorp!

Toe ons heelagter die bal stel vir 'n stelskop, bedaar die lawaai op die pawiljoen effens. Toe hy terugtree om te skop, kon jy byna 'n speld hoor val. Hy tree vorentoe—en skop. Die volgende oomblik weergalm die gejuig van die Oudorpers op die pawiljoen en om die veld. Die bal het netjies tussen die doelpale deur oor die dwarshout geseil.

Voordat die Nuwedorpers kon inskop, blaas die eindfluitjie, en die dertig spelers stap moeg-moeg van die veld af na 'n taai wedstryd.

A. Vrae:

(1) Vir watter span het Billy gespeel?
(2) Waarom het Sarel die bynaam „Seep" gekry?
(3) Hoeveel punte het Nuwedorp se span aangeteken?
(4) Wat was die eindtelling?
(5) Wat is die teenoorgestelde van **aanval**?
(6) Watter span het vóór rustyd die wind van agter gehad?
(7) Watter span het vóór rustyd die son van voor gehad?
(8) Voltooi: Die bal het gegaan van die ...... na ......; van ...... na ......, en van ...... na ....... Hy het toe 'n drie vir die Oudorpers aangeteken.
(9) Die Oudorpers se voorspelers was ......, maar ......
(10) Die Oudorpers se agterlyn was ......, maar ......
(11) Die Nuwedorpers het op die Oudorpers se doellyn geboer, maar ......
(12) Die toejuiging was oorverdowend toe ......
(13) Daar het 'n oomblik van doodse stilte geheers toe ......
(14) Die heelagter het vervyf nadat ......
(15) Sarel het die bal aangegee voordat ......

B. Maak goeie sinne met: gaping, uitblink, pypkan, doellyn, vasberade, weergalm.

C. Verduidelik mondeling:

**Skoppe:** inskop, uitskop, strafskop, skepskop, stelskop.

**Die telling:** 'n strafdoel, 'n skepdoel, 'n drie aanteken, 'n drie vervyf, 6—3 in die guns van die tuisspan, 5—3 in die guns van die besoekende span, gelykop spel.

**Foute en ruwe spel:** vorentoe aangee, aanslaan, onkant, hande in die skrum, skeef ingooi by die lynstaan, 'n speler pootjie, geniepsig speel, die bal te lank vashou.

**Die veld:** doellyn, sylyn, middellyn, kwartlyn, doelpale, dwarshout, pawiljoen, kleedkamer.

D. Beskryf een van die volgende: (1) 'n Krieketwedstryd, (2) 'n Tenniswedstryd, (3) 'n Atletiekbyeenkoms, (4) 'n Netbalwedstryd, (5) 'n Hokkiewedstryd, (6) 'n Bokswedstryd, (7) 'n Voetbalwedstryd (werklik of denkbeeldig).

## HOU DIE DOOD VAN DIE PAD AF

Die skoolhoof van die Laerskool George Grey praat gereeld met sy leerlinge oor padveiligheid en maan hulle ernstig om tog versigtig te wees en om te help om die Dood van die pad af te hou. Die Vrydagoggend toe die skole vir die somervakansie gesluit het, het hy hulle nog 'n keer gewaarsku:

„Kinders, onthou tog om stil te staan voordat julle oor 'n straat loop. Kyk eers regs, dan links, dan weer regs of daar nie voertuie aankom nie. As daar geen gevaar is nie, stap dan reguit na die middel van die straat sonder om te sloer of te twyfel. Staan 'n oomblikkie stil en kyk weer links om seker te wees dat dit heeltemal veilig is om verder oor te stap. Moet tog nie weer terugspring nie, of mik-mik nie. Stap vinnig verder na die oorkant van die straat. Moet nooit in 'n straat of 'n pad speel of stoei nie; moenie gesels-gesels met 'n klomp maats oorstap nie, en moenie van 'n straat 'n vergaderplek maak nie."

Die volgende oggend was dit besonder woelig in Hoofstraat. Die verkeer was só druk dat die verkeerspolisie hulle hande net vol gehad het. Al die passasiersbusse was propvol, en passasiers moes lank in bustoue by bushaltes wag.

So 'n paar minute voor twaalf hou 'n bus by halte nommer twee in Hoofstraat stil. 'n Klomp passasiers borrel uit en 'n klomp klim haastig op. Net toe die bus wegtrek, kom 'n seuntjie by 'n winkeldeur aan die oorkant van die straat uitgestap. Toe hy die bus hoor dreun, nael hy opgewonde straat-in sonder om eers te kyk of dit veilig is om oor te stap. Hy was só haastig om die bus te haal dat hy sy skoolhoof se waarskuwings op daardie oomblik skoon vergeet het.

Net op daardie oomblik kom 'n man taamlik vinnig op 'n motorfiets aangery; en net toe hy verby die bus wou steek, gewaar hy die onverskillige seun. Om die seun nie raak te ry nie, swaai hy die motorfiets vinnig regs, maar ongelukkig vang die voorwiel die seun

se been, met die gevolg dat die seun omgesmyt word en die fietsryer sy ewewig verloor. Hy swaai nog verder regs, reg in die pad van 'n motor wat uit die teenoorgestelde rigting aankom.

Motorbande skuur en fluit op die teerpad, maar die afstand was te kort. Die bestuurder kon onmoontlik die motor betyds tot stilstand bring. Om die fietsryer nie raak te ry nie, swaai die motorbestuurder vinnig links, en met 'n slag soos 'n kanonskoot kom die motor teen 'n stoeppilaar tot stilstand.

Gou-gou was daar 'n skaar nuuskierige mense om die wrak van 'n motor en die twee insittendes.

Die bestuurder was bewusteloos. 'n Paar van sy ribbes was af en sy borskas was blou van die kneusplekke. Die passasier langs hom het 'n gat dwarsdeur die ruit met sy kop gestamp. Die arme man se gesig was flenters en bloed het oor die motor en in die pad gestroom. Die ambulans het gejaag om die twee ongelukkige slagoffers van die ongeluk na die naaste hospitaal vir 'n noodoperasie te neem.

Die motor is ook erg beskadig. Die buffer, die linkervoorwiel, die linkermodderskerm, die koplampe, die verkoeler en 'n groot deel van die masjien is onherstelbaar beskadig.

As gevolg van die skaar mense wat saamgedrom het, het die verkeer tot stilstand gekom. Mnr. de Villiers, die skoolhoof, se motor was ook in die tou motors wat moes wag. Toe mnr. De Villiers nader na die toneel van die ongeluk toe stap, gewaar hy 'n seuntjie met stukkende knieë. Dit was sy skolier, Danie.

„Wat het hier gebeur, Danie?" vra mnr. De Villiers aan sy leerling.

„'n Ongeluk, Meneer," snik Danie.

„En hoe het dit gebeur, ou seun?"

„Ek—ek—ek—," snik Danie. Hy kon nie verder praat nie en duik toe tussen die mense in om weg te kom van die aaklige toneel af.

Hy het egter nie ver gevorder nie.

„Daar is die knaap," hoor hy iemand kort agter hom sê. Die volgende oomblik vat 'n sterk hand hom aan sy arm.

„Kom saam met my," sê die diep basstem. Danie kyk verskrik op. Die man het 'n uniform aangehad. Dit was 'n konstabel!

A. Vrae:

(1) Maak 'n skets van Hoofstraat en dui die posisies van die volgende aan: (*a*) die bushalte, (*b*) die bus, (*c*) die winkeldeur aan die oorkant van die straat, (*d*) die motorfiets in die posisie waar dit was toe dit Danie omgestamp het, (*e*) die wrak van die motor teen die stoeppilaar.

(2) Wat moet 'n mens doen as jy halfpad oor 'n breë straat gestap het?
(3) Waarom moet 'n mens nie in 'n straat of 'n pad speel nie?
(4) Wat is 'n bustou?
(5) Waarom het Danie gehardloop oor die straat?
(6) Wat moes hy gedoen het voordat hy die sypaadjie verlaat het?
(7) Waarom het die motorfietsryer nie liewer links geswaai nie?
(8) Waarom het die motorbande geskree?
(9) Hoe het die motorfietsryer Danie se lewe gered?
(10) Hoe het die motorbestuurder die motorfietsryer se lewe gered?
(11) Wat noem ons 'n groot klomp mense bymekaar?
(12) Wat noem ons die mense wat in 'n motor sit?
(13) Waarom het die ambulansbestuurder so vinnig gery?
(14) Waarom was Danie se knieë stukkend?
(15) Waarom kon Danie nie mooi aan sy hoofonderwyser verduidelik wat gebeur het nie?

B. Lees die bostaande beskrywing weer deur en vertel die gebeurtenis dan sonder om in die boek te kyk.

## OOR MOTORS EN MOTORONGELUKKE

A. Stel mekaar vrae en beantwoord die vrae ontkennend. (**Nee . . . nie . . . nie.**)

Voorbeeld:

Het die bestuurder getoet?

Nee, die bestuurder het **nie** getoet **nie.**

(1) Het hy die remme getrap?
(2) Het die remme gewerk?
(3) Het die motor gegly?
(4) Het die motor van die pad af gespring?
(5) Het daar 'n band gebars?
(6) Het die bestuurder 'n handsein gegee?
(7) Was albei motors op hul regte kante?
(8) Het hy op die verkeerde kant van die pad gery?
(9) Was die bestuurder onverskillig?
(10) Was die verkeerslig rooi?
(11) Was die bestuurder onder invloed van sterk drank?
(12) Kon hy die trein hoor fluit?
(13) Het die masjinis die motor sien aankom?
(14) Wou hy verbyjaag?
(15) Wou hy voor die trein oor die spoor jaag?

(16) Was dit die bestuurder se skuld?
(17) Het jy die slag van die botsing gehoor?
(18) Is die bestuurder onmiddellik gedood?
(19) Is die insittendes ernstig beseer?
(20) Het hy iemand omgery?
(21) Is die motor erg beskadig?
(22) Kan die motor weer herstel word?
(23) Is die motor verseker (verassureer)?

B. **Stelwerk:** Vertel nou mondeling van motorongelukke wat julle al gesien het of waarvan julle al gehoor het of gelees het; of beskryf 'n denkbeeldige motorongeluk.

C. **Watter deel van die motor?**

Jan: Raai aan watter deel van die motor dink ek nou.
At: Sirkuleer die water daarin?
Jan: Nee, dis nie die verkoeler nie.
At: Wys dit aan hoe vinnig die motor loop?
Jan: Nee, dis nie die mylmeter nie.
At: Trap jy daarop wanneer jy die motor versnel?
Jan: Nee, dis nie die versneller nie.
At: Gooi jy petrol daarin wanneer jy wil ry?
Jan: Ja, dis die petroltenk.

Nog vrae om te stel:

(1) Trap jy daarop wanneer jy die motor wil rem? (rempedaal)
(2) Skakel jy die masjien daarmee aan? (masjiensleutel)
(3) Skakel jy die ligte daarmee aan? (skakelaar)
(4) Maak jy die deur daarmee oop en toe? (deurhandvatsel)
(5) Beskerm dit die motor voor en agter teen stampe? (buffers)
(6) Laai jy bagasie daarin? (bagasiekis)
(7) Maak dit vonke wat die petrol laat ontplof? (vonkprop)
(8) Vee dit reënwater van die windskerm af? (skermveër)

D. **Die motor val vas in die modder.**

Vertel hoedat julle gesukkel het met 'n motor op modderige plaaspaaie na 'n groot reën: plaaspaaie ellendig sleg—smal en glad—groot modderpoele—diep laag modder langs die pad—gee pad vir 'n vragmotor—te ver—beland binne in die pappery—agterwiele grawe diep in—al hoe dieper—bestuurder word ongeduldig—versnel—motor sink in tot by sy agteras—sukkel—bossies en sakke—soek hulp—grawe—tevergeefs—span esels—sleep uit—net 'n entjie verder—val weer vas—betakel met modder—gesleep tot in die harde Nasionale Pad.

E. **Toe die band bars.**

Vertel wat gebeur het toe die motor se band gebars het terwyl die motor teen 'n hoë snelheid gegaan het: baie warm dag—lang rit—ry vinnig op die teerpad—buiteband dun—klein barsies—bande styf gepomp—lug sit nog meer uit—drukking baie hoog—hoor 'n harde slag—motor swaai effens—goeie bestuurder—hou die stuurwiel styf vas—kom stadig tot stilstand—domkrag die motor op—wiel afgeskroef—noodwiel aangesit—binne 'n kwartier weer op die pad.

F. **'n Lang toer per motor.**

Skryf 'n interessante brief om te vertel van julle lang motortoer deur al die provinsies van Suid-Afrika. Gebruik baie van die woorde wat julle alreeds geleer het onder die opskrif *Oor Motors.* Hier volg nog woorde wat julle kan gebruik: lang afstande—sinkplaatpad (geriffelde pad)—slaggate—slote—steil opdraande—bergpasse—trek goed—motor baie betroubaar—swaar donderstorms—vol riviere—modderige paaie—glad—verskriklike hitte—stofwolke—stormwinde—lieflike tonele—pragtige uitsig—ideale weer—leersaam—aangenaam—die moeite werd.

## BEDUIE DIE PAD, ASSEBLIEF
(Mondelinge werk)

A. Lees die volgende gesprek 'n paar keer deur:

K: Kan u vir my die pad na die plaas Windheuwels beduie, asseblief?

H: Ek sal probeer, mnr. Kruger. Hou maar nog aan met hierdie pad. Ry verby die sinkwinkeltjie wat aan die linkerkant van die pad staan. 'n Entjie anderkant die winkeltjie staan 'n groot bloekombos. Kies die pad wat net deuskant die bloekombos uitdraai. Daar is 'n paar plaashuise aan die regterkant. U kan maar gerus by een van hulle verder verneem.

K: Baie dankie, mnr. Hanekom. Ek gaan verby die sinkwinkeltjie en draai links net deuskant die bloekombos. Reg so?

H: Heeltemal reg. Pasop vir kwaai plaashonde!

K: Ja, dié goed kan baie lastig wees. Nogmaals baie dankie, mnr. Hanekom. Totsiens!

H: Nie te dank nie, mnr. Kruger. Totsiens!

B. Beduie nou hoe iemand moet ry van julle skoolhek af tot by 'n plaas 'n paar myl daarvandaan.

Hier is nog uitdrukkinge wat julle miskien kan gebruik: Ry deur 'n driffie. Gaan oor die treinspoor. Daar draai baie paaie uit. Ry verby al die uitdraaipaaie aan die linkerkant. Hou aan met die grootpad. Daar is 'n wegwyser op die kruispad. Kies die regterhandse pad. Dit is 'n kortpad. Dit is 'n ompad. Jy sal 'n groot huis met 'n rooi dak ongeveer honderd treë van die pad af sien. Die buitegeboue staan teen die pad. Die huis staan taamlik ver van die pad af. Daar staan 'n paar hoë bloekombome voor die huis. Daar is 'n laning dennebome van die hek af tot by die huis. Voor die huis is daar 'n groot plaasdam. Agter die huis is daar 'n vrugteboordjie. Die huis het twee hoë gewels en 'n voorstoep. Daar is stoepe aan drie kante van die huis. Die woonhuis en buitegeboue se dakke is rooi geverf. Die buitegeboue is oud en verwaarloos. Die stalle en waenhuis is netjies afgewit. Dis 'n outydse huis met Hollandse gewels en 'n biesiedak.

C. Beduie die pad in die stad:

(V — vreemdeling; K — konstabel)

V: Kan u my asseblief die pad na die magistraatskantoor beduie?

K: Ek sal probeer, Meneer. U is nou in Steilstraat. Draai nou terug en ry tot by die derde dwarsstraat. Draai dan links. Dit is Heuwelstraat. Hou aan met Heuwelstraat tot 'n entjie verby die poskantoor. Die eerste straat anderkant die poskantoor is Populierstraat. Draai regs om die hoek. Die magistraatskantoor is 'n entjie verder aan die linkerkant van die straat.

D. Maak 'n skets om die strate en geboue wat onder C genoem word aan te dui.

E. Maak nou nog sulke sketse op die skryfbord en beduie die pad na verskillende plekke in die stad.

## DIE AARDRYKSKUNDE VAN SUID-AFRIKA

(Mondelinge werk)

Gebruik 'n landkaart van Suid-Afrika om die volgende vrae te beantwoord. Lees die vrae hardop en beantwoord hulle mondeling. Spreek die name van plekke en produkte reg uit. Let op die spelling van plekname.

(1) Watter van die volgende hawens lê langs die ooskus en watter lê langs die weskus van Suid-Afrika: St. Helenabaai, Algoabaai, Delagoabaai, Tafelbaai, Mosselbaai. Valsbaai, Saldanhabaai?

(2) Watter dele van die Oranje-Vrystaat is bergagtig? (die noordelike, suidelike, westelike, oostelike, noordoostelike, suidoostelike, suidwestelike, noordwestelike streke).

(3) In watter rigting vloei die Limpoporivier, die Oranjerivier die Sondagsrivier?

(4) In watter deel van Natal is die steenkoolvelde van Newcastle geleë?

(5) Wat is die naaste seehawe aan Barberton in Oos-Transvaal?

(6) Naby watter dorp is die Vaalhartz-besproeiingskema?

(7) Oor watter spoorwegaansluiting moet jy gaan as jy per trein van Durban na Dundee reis?

(8) Lê Oudtshoorn en Ladismith (K.P.) in die Klein Karoo of in die Groot Karoo? (Die Klein Karoo is geleë tussen die Langeberge en die Swartberge in die Kaapprovinsie en die Groot Karoo lê ten noorde van die Swartberge.)

(9) Wat is die vernaamste landbouprodukte van (i) die Oranje-Vrystaat, (ii) Natal, (iii) Oos-Transvaal, (iv) Wes-Transvaal. (v) die Westelike Provinsie of die Boland (K.P.)?

(10) Watter stad in Suid-Afrika het die grootste bevolking?

(11) Watter is die grootste hawestad van Suid-Afrika?

(12) Hoe groot is die blanke bevolking van die Unie van Suid-Afrika naastenby?

(13) In watter deel van Suid-Afrika tref ons die meeste kleurlinge aan?

(14) In watter provinsie tref ons die meeste Asiate aan?

(15) In watter streke en reservate woon baie naturelle?

(16) Noem minstens een voorbeeld van elk van die volgende: hoë bergreekse, vrugbare riviervalleie, heersende winde, woestynagtige streke, belangrike seestrome, somerreënvalstreek, winterreënvalstreek, belangrike minerale voortbrengsels, belangrike nywerhede van Port Elizabeth, streke met bruikbare natuurlike houtbosse wat houtsoorte soos stinkhout, geelhout, swarthout, ens. voortbring.

(17) Noem 'n aantal belangrike gefabriseerde artikels wat S.A. invoer en belangrike landbouprodukte wat S.A. uitvoer.

(18) Waarom is S.A. se riviere feitlik onbevaarbaar?

(19) Waarom is die oostelike deel van die Unie geskik vir mielies en die suidwestelike deel van die Kaapprovinsie geskik vir koring, gars en hawer?

(20) Langs watter kus van die Unie word baie suiker geproduseer? Waarom is hierdie deel so geskik vir suikerproduksie?

## LANDE, VOLKE, TALE, ENS.

(Lees hardop en leer)

In Suid-Afrika woon Suid-Afrikaners.
Afrikaanse gewoontes.

In Amerika woon Amerikaners.
Amerikaanse motors.

In Europa woon Europeane.
Europese lande.

In Asië woon Asiate.
Asiatiese rasse.

In Australië woon Australiërs.
Australiese skaaphonde.

In Argentinië woon Argentyners.
Die Argentynse Republiek.

In België woon Belge.
Die Belgiese Kongo.

In China woon Chinese. Hulle praat Chinees.
Chinese tee.

In Denemarke woon Dene. Hulle praat Deens.
Deense honde.

In Egipte woon Egiptenare.
Egiptiese katoen.

In Engeland woon Engelse. Hulle praat Engels.
Engelse wolstowwe.

In Frankryk woon Franse. Hulle praat Frans.
Franse wyn.

In Griekeland woon Grieke. Hulle praat Grieks.
Griekse boustyl.

In Hongarye woon Hongare. Hulle praat Hongaars.
Hongaarse dansmusiek.

In Ierland woon Iere. Die Ierse dialek.
Ierse linne.

In Indië woon Indiërs.
Indiese Oseaan.

In Italië woon Italiane. Hulle praat Italiaans.
Italiaanse kewer.

In Japan woon Japanners. Hulle praat Japannees.
Japanse eilande.

In Java woon Javane.
Javaanse koffie.

In Kanada woon Kanadese.
Kanadese landboumasjinerie.

In Mexiko woon Mexikane.
Mexikaanse papawer.

In Noorweë woon Noorweërs. Hulle praat Noorweegs.
Noorse walvisjagters.

In Oostenryk woon Oostenrykers.
Oostenrykse musikante.

In Pole woon Pole. Hulle praat Pools.
Die Poolse regering.

In Portugal woon Portugese. Hulle praat Portugees.
Portugese soetwyn.

In Rusland woon Russe. Hulle praat Russies.
Russiese tee.

In Skotland woon Skotte. Hulle praat Skots.
Skotse kolliehonde.

In Swede woon Swede. Hulle praat Sweeds.
Sweedse staal.

In Switserland woon Switsers.
Switserse oorlosies.

In Spanje woon Spanjaarde. Hulle praat Spaans.
Spaanse dansies.

In Turkye woon Turke.
Turkse tabak.

Stede en hulle inwoners:

In Londen woon Londenaars. Die Londense Universiteit.
In Kaapstad woon Kapenaars. Die Kaapstadse radio-uitsending.
In Pretoria woon Pretoriane. Die Pretoriase stadsorkes.
Ons praat ook van Parysenaars, Berlyners, Bloemfonteiners, Pietermaritzburgers, Johannesburgers, Stellenbossers, Paarliete, Ladismitters, Swellendammers, Krugersdorpers, ens.

## GESKIEDENIS EN BURGERLEER
(Mondelinge stelwerk)

A. Vertel kortliks wat julle weet van die volgende persone en hulle werk: Jan van Riebeeck, Vasco da Gama, Simon van der Stel, Ryk Tulbagh, Paul Kruger, Sir George Grey, Cecil Rhodes, Dick King, Lord Charles Somerset.

B. Vertel in 'n paar sinne iets omtrent elkeen van die volgende gebeurtenisse: Die skipbreuk van die Haarlem, die koms van die Hugenote, die Britse Setlaars van 1820, die Groot Trek van 1834 tot 1838.

C. Wat is die vernaamste pligte van: die Goewerneur-generaal, die Volksraad, die Senaat, die Provinsiale Raad, 'n dorp se Stadsraad?

D. Wat is die pligte van 'n skoolhoof, 'n skoolraadsekretaris, 'n onderwysdepartement?

E. Beskrywe die lewe en werk van enigeen van die volgende: Columbus, Mohammed, David Livingstone, Abraham Lincoln, Napoleon, Winston Churchill.

F. Gee 'n opsomming van 'n paar geskiedenislesse wat julle gedurende die afgelope paar maande behandel het.

## OP SKOOL

**A.** Hieronder staan die name en vanne van die Laerskool Rooidraai se standerd V-leerlinge en ook die punte wat hulle by die kwartaalse eksamen in die volgende vakke behaal het: Afrikaans (Afr.), Engels (E.), Rekenkunde (R.), Geskiedenis (G.), en Aardrykskunde (A.). Lees alles eers hardop voordat julle die vrae beantwoord.

| **Vakke:** | **Afr.** | **E.** | **R.** | **G.** | **A.** | **T.** | **Pos.** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Maksimum:** | 100 | 100 | 100 | 50 | 50 | 400 | 15 |
| **Vanne en Name** | | | | | | | |
| Alberts, Jacob ... ... | 40 | 45 | 56 | 21 | 25 | | |
| Barnard, Jacobus ... | 66 | 56 | 65 | 36 | 38 | | |
| Engelbrecht, Elise ... | 68 | 70 | 70 | 35 | 38 | | |
| Esterhuizen, Simon ... | 70 | 68 | 30 | 40 | 40 | | |
| Gerber, Adam v. Zyl | 50 | 48 | 80 | 31 | 32 | | |
| Goosen, Hendrik ... | 60 | 60 | 41 | 32 | 25 | | |
| Hanekom, Anna ... | 75 | 72 | 89 | 41 | 38 | | |
| Hein, Mabel ... ... | 60 | 63 | 21 | 36 | 38 | | |
| Jansen, Nicolaas ... | 44 | 39 | 34 | 32 | 30 | | |
| Koen, Koert de Wet... | 80 | 78 | 95 | 42 | 41 | | |
| Le Grange, le Roux ... | 50 | 53 | 71 | 21 | 24 | | |
| Lombard, Theo ... ... | 46 | 41 | 45 | 48 | 36 | | |
| Minnaar, Barbara ... | 43 | 36 | 24 | 23 | 25 | | |
| Van Zyl, Sophia ... | 75 | 79 | 65 | 39 | 40 | | |
| Willers, Dora ... ... | 68 | 53 | 46 | 40 | 31 | | |

Vrae:

(1) Tel nou elke leerling se punte op en skryf die totale in die totale-kolom neer.

(2) Skryf nou die leerlinge se klasposisies in die volgende kolom neer: 1ste (eerste), 2de (tweede), 3de (derde), 4de (vierde), 5de (vyfde), 6de (sesde), 7de (sewende), 8ste (agtste), 9de (neënde), 10de (tiende), 11de (elfde), 12de (twaalfde), 13de (dertiende), 14de (veertiende), 15de (vyftiende).
Slaan een klasposisie oor, ingeval twee leerlinge dieselfde aantal punte behaal.

(3) Wie het die meeste punte in Afrikaans behaal?

(4) Wie het die minste punte in Engels behaal?

(5) Wie is die uitblinkers in tale?

(6) Hoeveel van die leerlinge behaal eersteklas punte (60 persent en daarbo) in Rekenkunde?

(7) Watter van die leerlinge, dink julle, was te lui om hulle Aardrykskunde en Geskiedenis goed te leer?

(8) 'n Leerling wat minder as 40 persent (40 uit 100) in twee van die volgende vakke behaal, sak: Afrikaans, Engels, Rekenkunde. Watter leerlinge sak?
(9) Watter leerlinge sak in hulle groottotaal? (Minder as 160, d.w.s. 40 persent, is onvoldoende in die groottotaal.)
(10) Hoeveel dogters is daar in die klas?
(11) Watter leerlinge het 'n van vir 'n naam?
(12) Hoe weet julle dat Rooidraai se skool maar 'n kleinerige skooltjie is?

B. Skryf 'n opstel oor een van die volgende onderwerpe: (1) Die afgelope skooljaar, (2) Eienaardige leerlinge in ons klas, (3) Interessante voorvalle in die klaskamer, (4) Ek droom ek hou skool, (5) 'n Afgetrede onderwyser vertel van sy ondervindinge en herinneringe, (6) My eerste jaar op skool.

## TELWOORDE

A. Hersiening: Tel hardop van een tot by tweehonderd.

B. Let op die spelling van die woorde hieronder, veral die gebruik van die koppelteken (-en-) en die aanmekaarskrywe van woorde:

| | |
|---|---|
| 101 | honderd-en-een |
| 121 | honderd een-en-twintig |
| 132 | honderd twee-en-dertig |
| 150 | honderd-en-vyftig |
| 155 | honderd vyf-en-vyftig |
| 199 | honderd neën-en-neëntig |

Oefening: Skryf in woorde: 17, 70, 177, 144.

C.

| | |
|---|---|
| 220 | tweehonderd-en-twintig |
| 221 | tweehonderd een-en-twintig |
| 300 | driehonderd |
| 389 | driehonderd nege-en-tagtig |
| 900 | negehonderd |
| 999 | negehonderd neën-en-neëntig |

Oefening: Skryf in woorde: 223, 332, 677, 988, 979.

D.

| | |
|---|---|
| 1,000 | duisend |
| 1,001 | duisend-en-een |
| 1,101 | eenduisend eenhonderd-en-een |
| 8,745 | agtduisend sewehonderd vyf-en-veertig |
| 9,067 | negeduisend sewen-en-sestig. |

Oefening: Skryf in woorde: 1,007, 2,044, 3,537.

E. 76,777 ses-en-sewentigduisend sewehonderd sewen-en-sewentig.
856,777 agthonderd ses-en-vyftigduisend, ens.
1,856,777 een miljoen, ens.
Oefening: Skryf in woorde: 82,324, 128,432, 3,999,999.

## RANGTELWOORDE

Groep 1. (Lees hardop):
Die eerste van die maand, die tweede, derde, vierde, vyfde, sesde, sewende, agtste, neënde, tiende, elfde, twaalfde, dertiende, veertiende, vyftiende, sestiende, sewentiende, agttiende, neëntiende, twintigste, een-en-twintigste, twee-en-twintigste, drie-en-twintigste, vier-en-twintigste, vyf-en-twintigste, ses-en-twintigste, sewen-en-twintigste, agt-en-twintigste, neën-en-twintigste, dertigste, een-en-dertigste.

Oefening: Hoeveelste van die maand is dit vandag?
Die hoeveelste sluit die skole hierdie kwartaal?
Wanneer verjaar jy?
Skryf drie belangrike datums in syfers en in woorde.

Groep 2.
Die honderd-en-eerste (101ste), die duisendste (1,000ste), die honderdduisendste (100,000ste), die miljoenste.

Oefening: Skryf in woorde; 109de, 131ste, 10,000ste, 22,000ste.

## BREUKE

Oefening 1. Skryf hierdie breuke neer: 'n halwe, 'n kwart, 'n derde, 'n vyfde, 'n sesde, 'n sewende, 'n agtste, 'n neënde, 'n tiende; twee-derdes, driekwart, vier-vyfdes, vyf-sesdes; een en 'n half, twee en twee-derdes, drie en driekwart.

Oefening 2.
(*a*) Hoeveel kwarte is daar in een en 'n half?
(*b*) Hoeveel derdes is daar in een en 'n derde?
(*c*) Hoeveel derdes is daar in twee en twee-derdes?
(Opmerking: Geen koppelteken is nodig om 'n heelgetal met 'n breuk te verbind nie. Dus skryf ons: vyf en agt-negendes, agt en nege-een-en-twintigstes, ens.)

Oefening 3. Skryf nou nog gemengde breuke neer met die woorde daarby.

Oefening 4. (Hoofreken met breuke, ens.).

(*a*) Tel neën-en-twintig by een-en-twintig.
(*b*) Trek sewentien af van sewen-en-sewentig.
(*c*) Vermenigvuldig vyftien met ses.
(*d*) Deel honderd vier-en-veertig deur ses.
(*e*) Watter breuk is die grootste: twee-derdes of driekwart? Hoeveel groter is dit?
(*f*) Watter deel is die kleinste: vyf-sesdes of ses-sewendes van 'n som geld? Hoeveel is dit kleiner?
(*g*) Hoeveel onse is driekwart van 'n pond suiker?
(*h*) Hoeveel is twee-derdes van 'n pond (geld)?
(*i*) Hoeveel sestiendes is daar in vyf-agtstes van 'n duim?
(*j*) Hoe breed is 'n tafelbladjie wat van drie planke met die volgende mate gemaak is: Die breedste een is tien en drie-agtstes duim breed; die tweede breedste is tien en drie-sestiendes duim breed, en die smalste is net drie en drie-agtstes duim breed.

## AFKORTINGS

| | | | |
|---|---|---|---|
| asb. | asseblief | mej. | mejuffrou |
| bv. | byvoorbeeld | mejj. | mejuffroue |
| ds. | dominee | mev. | mevrou |
| dept. | departement | mnr. | meneer |
| d.i. | dit is | mnre. | menere |
| dist. | distrik | m.p.u. | myl per uur |
| dr. | dokter | nl. | naamlik |
| d.w.s. | dit wil sê | nm. | namiddag |
| ens. | ensovoorts | vm. | voormiddag |
| gebrs. | gebroeders | nr. | nommer |
| h.v. | hoek van | n.C. | na Christus |
| i.p.v. | in plaas van | Ns. | naskrif |
| jr. | junior | p/a | per adres |
| k.b.a. | kontant by aflewering | Pk. | poskantoor |
| k.m.b. | kontant met bestelling | S.A.S. & H. | Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens |
| kie. | kompanjie | Sekr. | sekretaris |
| L.P.R. | lid van die Provinsiale Raad | S.W.A. | Suidwes-Afrika |
| L.V. | lid van die Volksraad | vgl. | vergelyk |
| m.a.w. | met ander woorde | v.C. | voor Christus |
| | | vt. | voet |

Grammatikaterme:

b.nw. (byvoeglike naamwoord), s.nw. (selfstandige naamwoord), ww. (werkwoord), byw. (bywoord).

## SAKEBRIEWE

Ivan Wilkins se suster, Veronica, trou oor twee weke. Maandelank het Ivan geldjies gespaar om vir sy suster 'n huweliksgeskenkie te koop. Nou het hy vyf sjielings. In verlede week se uitgawe van „Die Landblad" het Ivan die volgende advertensie gelees: „Bestel stinkhoutservetringe regstreeks van die fabriek teen 2s. 6d. elk, posvry in die Unie van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika. Skryf aan J. J. Botha, Meubelmaker, Bergstraat 12, George.

Hieronder volg Ivan se brief aan mnr. Botha.

Smalstraat 19,<br>
Greenville,<br>
16 Okt. 19...

Mnr. J. J. Botha,<br>
Meubelmaker,<br>
Bergstraat 12,<br>
George.

Geagte Heer,

Stuur my asseblief 2 (twee) stinkhoutservetringe, soos geadverteer in „Die Landblad" van 11 Oktober.

Ingeslote vind u 'n poswissel vir 5s.

Wees asseblief so goed en voer die bestellinkie sonder versuim uit. Ek het die artikels dringend nodig.

Die uwe,<br>
I. J. Wilkins.

**Oefening 1.** Skryf nou 'n brief waarin jy 'n geskenkie bestel vir jou niggie of 'n vriendin wat binnekort gaan trou.

Hieronder volg nog voorbeelde van adresse:

(1) Posbus 30,<br>
Thornville,

(2) Poste Restante,<br>
Vakansieoord,

(3) p/a Mev. J. Stevens,<br>
Hooggeleë,<br>
Lekkerbaai.

Opmerking: As 'n ongetroude dame 'n sakebrief afsluit, skryf sy **mej.** tussen hakies voor haar handtekening.

Voorbeeld:

Die uwe,<br>
(mej.) M. C. Swanepoel.

**Oefening 2.** Skryf 'n brief aan 'n winkelier om benodigdhede vir julle skoolpiekniek te bestel.

**Oefening 3.** Jy het 'n boek deur die pos bestel. Die boekhandelaar het die verkeerde boek gestuur. Jy stuur vandag die verkeerde boek terug en pos terselfdertyd 'n beleefde brief om te verduidelik. Skrywe die brief aan 'n bekende boekhandelaar.

**Oefening 4.** 'n Winkelier vra in 'n advertensie 'n flukse seun of dogter om hom gedurende die lang vakansie as klerk in sy winkel te help. Doen aansoek om die betrekking.

**Oefening 5.** Jy groei só vinnig dat die klein fietsie wat jou pa 'n paar jaar gelede vir jou gekoop het. te klein vir jou geword het. Skryf nou 'n brief aan 'n persoon wat die volgende advertensie in 'n bekende koerant laat plaas het: „Benodig: 'n tweedehandse fietsie vir 'n agtjarige seuntjie. Skryf aan H. Blom, Die Vlakte, dist. Platville.'

**Oefening 6.** Iemand adverteer 'n tweedehandse artikel wat jy graag wil koop, maar hy vra te veel daarvoor. Skryf 'n brief aan hom en bied hom 'n bietjie minder daarvoor aan.

**Oefening 7.** Jy het in standerd VI twee jaar gelede geslaag. Skryf 'n brief aan jou gewese skoolhoof om 'n getuigskrif te vra. Vertel hom (haar) wat jy nou doen en hoe dit met jou gaan.

## NOG ONDERWERPE OM UIT TE KIES VIR STELWERK

(Mondeling en Skriftelik)

A. **Telegramme:**

(1) Stuur 'n telegram aan 'n neef en sy bruidjie op hulle troudag. (Stel die telegram op volledig met adresse, naamtekening, datum, ens.)

(2) Stuur 'n telegram aan 'n vriend om hom geluk te wens met sy verjaardag.

(3) Stuur 'n telegram aan 'n vriendin om haar geluk te wens met haar sukses by die jongste openbare eksamen.

(4) Telegrafeer aan mnr. A. Hamman, Bergstraat 12, Blomburg, dat sy seun so pas sy been gebreek het toe julle oor die heining wou spring. Die seun is in die hospitaal, waar die dokter sy been gespalk het. Die dokter is van mening dat die been gou sal aangroei.

(Stel die telegram kort en duidelik op.)

(5) Laat 'n vriend wat by julle sou kom kuier het per telegram weet dat die pad verlede nag erg verspoel het en dat dit 'n dag of twee onrybaar sal wees. Nooi hom dan sommer uit om 'n ander keer te kom. Stel 'n datum voor.

(6) Telegrafeer aan 'n persoon wat klein hondjies adverteer dat hy vir jou enetjie moet hou. Sê wanneer jy die hondjie sal kom haal.

B. **Verhaaltjies en beskrywings** (mondeling en skriftelik):

(1) 'n Spookstorie wat begin met die woorde: „Jy glo nie aan spoke nie, my kleinbasie? Laat ek jou vertel wat een nag met my gebeur het daar by die plaas se kerkhof."
(2) 'n Verhaal wat eindig met die woorde: „Dis daarom dat ek vandag net een oog het."
(3) 'n Stormagtige nag in die veld.
(4) 'n Nagmerrie na 'n braaivleisaand.
(5) Die lewensgeskiedenis van 'n ou donkie, of 'n ou hond, of 'n sirkusdier, of 'n ryperd wat sy baas op die slagveld gedra het.
(6) Hoe ek huisgehou het toe Mammie siek was.
(7) Hoe ek koffie maak vir ons gaste. (kook genoeg water—koffieketel—gemaalde koffie—laat 'n rukkie trek—te flou—te sterk—net goed—skink in—warm melk)
(8) Hoe Ma baba bad. (water nie te koud nie—nie te warm nie—sterk lou—voel eers—trek kleertjies uit—smeer seep—waslap—hou daarvan—skop, klap en kraai van die lag—sagte handdoek—poeier—naghempie—sit hom in die bed—wiegliedjie—vaak—raak gou aan die slaap)
(9) Vertel hoe twee seuns op pad huis toe baklei het.
(10) Beskryf hoe 'n mens tafel dek (*a*) vir oggendete, (*b*) vir aandete en (*c*) vir 'n teepartytjie.
(11) Vertel hoe julle jul pa se motor skoonmaak en poleer.
(12) Beskryf hoe om enige speletjie wat jy ken te speel.
(13) Beskryf julle huis of enige ander huis.
(14) Vertel twee grappe.
(15) Skryf 'n samesprakie (gesprek) tussen 'n seun wat sy boetie geslaan het en die vader wat die stouterd wil straf.
(16) Skryf 'n gesprek tussen twee dogters wat oor klere gesels, of tussen twee seuns wat oor sport of motors of boerdery gesels.
(17) Vertel 'n mooi storie wat jy gehoor of gelees het.
(18) Vertel hoe aangenaam jy by gawe mense gekuier het.
(19) Beskryf 'n ongeluk wat gebeur het toe 'n trein van die spoor af geloop het (ontspoor het).
(20) 'n Reis deur Europa of Amerika of Asië.
(21) My eerste besoek aan 'n groot stad, of My eerste besoek aan 'n plaas.

(22) 'n Dag in die lewe van 'n konstabel of 'n speurder of 'n soldaat of 'n dokter of 'n matroos of 'n verpleegster.
(23) 'n Grappige voorval in die klaskamer of op die sportveld of by die huis.
(24) 'n Aangename reis per trein of per motor of per vliegtuig of per passasiersboot.
(25) 'n Aangename vakansie by die see of in die bosveld of op 'n plaas of in 'n stad.
(26) Die lewensgeskiedenis van 'n misdadiger of 'n musikant of 'n wetenskaplike of 'n ontdekkingsreisiger of 'n diktator.
(27) 'n Ontsnapte bobbejaan se besoek aan ons skool.
(28) 'n Aangename verrassing, of 'n Onaangename verrassing.
(29) Verdwaal in 'n houtbos of in die veld of in die woestyn of in 'n groot stad.
(30) Hoe ek 'n stout kind opgepas het
(31) Hoe ek 'n week in die bed deurgebring het toe ek siek was.
(32) Hoe ons gesoek het na die kind wat weggeraak het.
(33) 'n Gesprek tussen 'n bedelaar en 'n kwaai vrou.
(34) 'n Gesprek tussen 'n senuweeagtige meisie en 'n tandarts.
(35) 'n Gesprek tussen 'n kind wat verdwaal het en 'n vriendelike konstabel.
(36) 'n Gesprek tussen 'n seun wat betrap word toe hy druiwe steel en die eienaar van die wingerd.
(37) 'n Gesprek tussen twee kinders wat een van die volgende ondernemings bespreek: 'n piekniek, 'n staptoer, 'n partytjie, 'n toer met fietse, 'n paar dae se kamplewe.
(38) Beskryf hoe om een van die volgende te doen: om vis te vang, om sokkies te brei, om 'n telefoon te gebruik, om boontjies te plant, om vleis in die veld te braai, om 'n motor te bestuur.
(39) Kies 'n gepaste opskrif en gebruik die sleutelwoorde: perd—vol rivier—gooi my af—dryf af—spartel—spoel uit—byna dood.
(40) Gebruik die sleutelwoorde: gaan stap—bossies—veld ruig—slang sis—spring weg—byt—sny twee kerwe—druk bloed uit—bind 'n band styf om—dokter—inspuiting—lewe gered.
(41) Sleutelwoorde: bootjie—eiland—kampeer—plesierig—musiek—kampvuur—baaikostuums—aangename vakansie.
(42) Sleutelwoorde: aangename naweek—stel uit om te leer—bioskoop—heerlike dag—stap—sport—Maandagoggend—stel die wekker—gaan staan—verslaap—skool toe sonder huiswerk—benoud—spring vry—neem my voor om.

(43) Sleutelwoorde: rivier—speel op die rivierwal—voete gly—dryf af—spring in—kry beet—sink albei—kom weer op—bootjie—roei met alle mag—net betyds—sukkel—water uitgepomp—kunsmatige asemhaling toegepas—ly aan skok.

(44) Sleutelwoorde: pyn in my regtersy—gaan weg—kom weer—gaan na 'n dokter—ondersoek—blindedermontsteking—bespreek 'n bed in die hospitaal—sonder versuim—operasie—niks bang nie—vertroue in die dokter—operasie 'n sukses—behandeling in die hospitaal goed—bekwame verpleegsters—wond gou genees—steke uitgehaal—herstel—word vet.

(45) Sleutelwoorde: gelaaide geweer—waarsku—besoeker—hanteer die geweer—weet nie dat dit gelaai is nie—skoot gaan af—koeël het hom skrams geraak—byna lam geskrik—woedend—les geleer.

(46) Sleutelwoorde: korf bye in die blomtuin—gewaarsku—wou nie luister nie—kinders speel—hardloop teen die korf vas—smyt dit om—bye borrel uit—steek links en regs—mense, varke, hoenders—ingespande perd—neem die loop—groentekarretjie—groente waai—op een wiel om die draai—slaan om—sleep 'n ent—vang—verwoesting—groot lawaai—korf tot niet gemaak—gesigte dik geswel—oë byna toegeswel—hande oortrek van die angels—kouekoors—dokter.

# Afdeling B: Praktiese Grammatika

## DIE WOORDORDE IN AFRIKAANS

### A. Woordorde en Tyd

Vergelyk die volgende sinne:

1. (*a*) **Pa gaan** Sondae kerk toe.
   (*b*) Sondae **gaan Pa** kerk toe.
2. (*a*) **Ma bak** Saterdae koek.
   (*b*) Saterdae **bak Ma** koek.
3. (*a*) **Ek leer** nie gedurende die vakansie nie.
   (*b*) Gedurende die vakansie **leer ek** nie.
4. (*a*) **Ons bly** saans by die huis.
   (*b*) Saans **bly ons** by die huis.
5. (*a*) **Die skape kom** saans kraal toe.
   (*b*) Saans **kom die skape** kraal toe.
6. (*a*) **Hulle gaan** smôrens vroeg weer veld toe.
   (*b*) Smôrens vroeg **gaan hulle** weer veld toe.

**Oefening 1.** Skryf die volgende sinne oor en begin met die woorde tussen hakies:

(*a*) Hy het (die volgende dag) gevlug.
(*b*) Die strate is (Saterdae) baie woelig.
(*c*) Ons gaan (Sondae) by Oupa-hulle kuier.
(*d*) Hulle kom (gedurende die naweek) na ons toe.
(*e*) Hy het (daardie oggend) by die huis gebly.
(*f*) Sy wou (daardie aand) niks eet nie.
(*g*) Sy het (die volgende oggend) nie opgestaan nie.
(*h*) Ek het (verlede Vrydagaand) by Mina-hulle geëet.
(*i*) Ek moes (een middag) tot vyfuur vir jou wag.
(*j*) Ons het (later) nie meer omgegee nie.
(*k*) Hulle het (toe) maar by die huis gebly.
(*l*) Daar was (vroeg in die aand) al 'n bakleiery.
(*m*) Ons sal (volgende week) tuis wees.
(*n*) Dit sal (volgende keer) seker beter gaan.
(*o*) Dieselfde ding het ('n vorige keer) gebeur.
(*p*) Sy moes (presies om eenuur) daar wees.
(*r*) Daar sterwe (elke dag) honderde mense aan tering.
(*s*) Daar was (gou-gou) 'n klomp nuuskieriges op die toneel.
(*t*) Hy is ('n kort tydjie daarna) oorlede.
(*u*) Die kinders het (na sy dood) die plaas verkoop.
(*v*) Hy waarsku ons (elke dag).

**Oefening 2.** Voltooi nou die onderstaande sinne:

(*a*) Elke Woensdagaand ......
(*b*) Al om die ander dag ......
(*c*) Oormôre ......
(*d*) Eergister ......
(*e*) Gedurende die afgelope vakansie ......
(*f*) Die dag toe die skole gesluit het, ......
(*g*) Die dag toe die skole heropen het, ......
(*h*) Ná die ongeluk ......
(*i*) Terwyl ons daar gestaan en wag het, ......
(*j*) Oor 'n paar dae ......
(*k*) Ná baie jare ......
(*l*) Oor 'n kort tydjie ......
(*m*) Wanneer jy eendag groot is, ......
(*n*) Oor 'n maand of twee ......
(*o*) Oor nog 'n klompie jare ......
(*p*) Lank gelede ......
(*r*) Op 'n dag ......

**Oefening 3.** Maak nou self sinne wat begin met die volgende woorde (bywoorde en bepalings van **tyd**): smôrens vroeg, saans laat, smiddae, snags, bedags, gisteraand, gedurende die naweek, Maandae, op Kersdag, ná skool, vóór die operasie, elke tweede dag, wanneer ek moeg is, wanneer hy roep, terwyl ons slaap, gedurende die ploegtyd, eenkeer, soms, onderwyl.

## B. Woordorde en Plek

Vergelyk die volgende sinne:

1. (*a*) **Ek ken** baie mense op die dorp.
   (*b*) Op die dorp **ken ek** baie mense.
2. (*a*) **Ek het** nog baie geld by die huis.
   (*b*) By die huis **het ek** nog baie geld.
3. (*a*) **Daar is** nog baie blomme in die veld.
   (*b*) In die veld **is daar** nog baie blomme.
4. (*a*) **Daar is** nog olifante dieper in die woud.
   (*b*) Dieper in die woud **is daar** nog olifante.

**Oefening 4.** Skryf die volgende sinne oor en begin met die woorde tussen hakies (met die bepalings van **plek**):

(*a*) Ek wil nie (in die kombuis) eet nie.
(*b*) Ons mag nie (voor die huis) speel nie.
(*c*) Daar is nie plek (in die agterplaas) nie.
(*d*) Dit is te warm (op die dak).
(*e*) Daar is baie speelplek (langs die rivier).
(*f*) Daar staan 'n hoë bloekomboom (agter die stal).
(*g*) Ek wil nie (in die stad) woon nie.
(*h*) My suster sal nooit (op 'n plaas) woon nie.

**Oefening 5.** Voltooi die volgende sinne:

(*a*) In Basra se kafee ......
(*b*) Op die hoë berg ......
(*c*) Agter ons huis groei ......
(*d*) Op pad huis toe ......
(*e*) In die groot stede ......
(*f*) In die Boland ......
(*g*) Op die Transvaalse Hoëveld ......
(*h*) In die Oostelike Vrystaat ......
(*i*) Langs die kus van Natal ......
(*j*) Oral in ons land ......

**Oefening 6.** Maak nou self sinne wat begin met: voor my kamervenster, net langs die poskantoor, hoër op teen die berg, laer af in die rivierbedding, al langs die sloot, nader aan die stad, verder weg van die stad, daar diep in die see, in Europa, op my oom se plaas, in my tante se blomtuin, tussen die rotse, aan weerskante van die straat, deuskant die drif.

## C. Woordorde en Manier (of Wyse)

Vergelyk die volgende sinne:

1. (*a*) Die ou **boot sink** stadig.
   (*b*) Stadig **sink** die ou **boot.**
2. (*a*) Die **bootjie skiet** vinnig vorentoe.
   (*b*) Vinnig **skiet** die **bootjie** vorentoe.
3. (*a*) Die ou **luie kom** voetjie-vir-voetjie kraal toe.
   (*b*) Voetjie-vir-voetjie **kom** die ou **luie** kraal toe.
4. (*a*) **Hy het genael** sonder om om te kyk.
   (*b*) Sonder om om te kyk **het hy genael.**
5. (*a*) **Dit sal** nie maklik gaan nie.
   (*b*) Maklik **sal dit** nie gaan nie.

**Oefening 7.** Maak sinne wat begin met: opgewonde, val-val, soos 'n ou skilpad, soos 'n koeël uit 'n geweer, sonder om 'n woord te praat, met 'n sug, met 'n laggie, met 'n suur gesig.

### D. Die laaste deel van die werkwoord op die end

Voorbeelde:

Ek **sal** jou môre **help.**
Ek **sal** so gou as moontlik weer **terugkom.**
Ek **het** die seuntjie wat gesit en huil het eers **gehelp.**
Ek **moet** die dogter wat so swaar dra eers **help.**
Ek **kan** die groot klip wat daar lê maklik **optel.**
Hy **wil** my fiets vanaand en môre **leen.**
Hulle **behoort** nie saans laat rond te **loop** nie.
Ons **het** 'n klomp bobbejane in die kloof **geskiet.**

**Oefening 8.** Voltooi nou die volgende sinne. Die laaste deel van die werkwoord moet op die end van die sin of die bysin staan. Maak taamlike lang sinne:

(*a*) Sy sal ons vanaand ......
(*b*) Die ou kleintjies kan nie ...... nie.
(*c*) Ons sal onder die groot doringboom ......
(*d*) Die dogtertjie het die katjie gister met ......
(*e*) Die lui seun het vanjaar ......
(*f*) Ons moet vanmiddag nog ......
(*g*) Ons kan die motor nie voor môremiddag ......
(*h*) Sal jy ons voor Saterdag ......
(*i*) Jy behoort nie so baie ......
(*j*) Ons mag nie elke dag ......
(*k*) Hy het verlede week en die week tevore ......
(*l*) Ons hoop om aanstaande week en die week daarna ......
(*m*) Die nuwe gebou sal nie voor aanstaande jaar ......

### E. Woordorde en Voegwoorde

#### Groep 1

Bestudeer die volgende voorbeelde en onderstreep die voegwoorde **daarom, dus, al, dan** en die werkwoorde wat net na hierdie voegwoorde staan:

(*a*) Hy is te vet; daarom is hy so lui.
(*b*) Hy is bang; daarom bly hy by die huis.
(*c*) Sy leer baie; daarom ken sy haar werk.
(*d*) Ek sal nie daar wees nie; dus moet jy dit maar self doen.
(*e*) Probeer maar weer, al kry jy dit nie reg nie.
(*f*) Kom vroeg; dan kan ons nog gaan swem.

**Oefening 9A.** Voltooi nou die volgende sinne:
(*a*) Hy verkwis sy geld; daarom ......
(*b*) Hy vertel te veel leuens; daarom ......
(*c*) Die tandarts is baie vriendelik; daarom ......
(*d*) Die onderwyser is streng; daarom ......
(*e*) Ons het nie meer geld nie; dus ......
(*f*) Hou maar aan met klop, al ......
(*g*) Laat die outjie jou maar help, al ......
(*h*) Hy sal aanhou met sukkel, al ......
(*i*) Bly maar tot vanaand; dan ......

**Oefening 9B.** Maak nou sinne met: daar is, daarom kan, daarom wil, daarom sal, dus kan, dus moet, al verloor ons weer, al baat dit nie veel nie, al kry ons maar min, dan sal, dan behoort.

### Groep 2. (Toe)

Voorbeelde:

Adam: Jaap het my gister in my gesig geklap.
Dawie: En toe?
Adam: **Toe klap** ek hom terug.
Kosie: Ek het die apie aan sy stert gegryp.
Piet: En toe?
Kosie: **Toe byt** hy my aan my vinger.

Opmerking.—Let op dat die **werkwoord net na toe** staan (toe klap, toe byt). Let ook op dat **toe** vir die **verlede tyd** gebruik word.

**Oefening 10.** Skryf nou kort gesprekkies wat met hierdie sinne eindig:
(*a*) Toe bars die ballon.
(*b*) Toe ruk hy die draad af.
(*c*) Toe gryp ek die stok uit sy hand en moker hom oor sy kop.
(*d*) Toe swaai die motor dwars in die pad en slaan om.
(*e*) Toe glip ek deur die heining en nael pad-af.
(*f*) Toe smyt hy die boek neer en stap brom-brom uit.
(*g*) Toe stap die ou fluit-fluit weg.

### Groep 3. Alhoewel, nadat, voordat, ens.

Voorbeelde:
(*a*) Alhoewel hy siek is, **is hy** elke dag op sy pos.
(*b*) Alhoewel hy slim is, **moet hy** darem nog baie leer.
(*c*) Alhoewel dit nog nie reën nie, **gaan ek** darem 'n jas saamneem.

(*d*) Nadat ek geval het, **het ek** my been met jodium behandel.
(*e*) Voordat jy gaan slaap, **moet jy** eers jou medisyne drink.
(*f*) Nadat hy twee keer geroep het, **het hy** begin vloek.
(*g*) Wanneer pa hoes, **huil baba.**
(*h*) As jy wil laat slaap, **moet jy** self jou bed opmaak.
(*i*) Sedert verlede jaar **het ons** nog net twee duim reën gekry.
(*j*) Sedert sy aankoms **het hy** al drie ongelukke gemaak.
(*k*) Indien jy aansoek doen, **moet jy** my dadelik in kennis stel.
(*l*) Ingeval hy druip, **kan hy** weer in Februarie skrywe.

**Oefening 11.** Voltooi die volgende sinne:
(*a*) Alhoewel hy oud is, ......
(*b*) Alhoewel ons nie lus het nie, ......
(*c*) Ingeval jy my hulp nodig het, ......
(*d*) Voordat jy loop, ......
(*e*) Nadat hy gesing het, het ......
(*f*) Sedert sy siekbed ......
(*g*) Wanneer ek lus het om te swem, het ......
(*h*) Wanneer pa lus het om uit te ry, het ......
(*i*) As jy voor my by die kantoor kom, moet ......
(*j*) As ek nie kan gaan nie, ......

**Oefening 12.** Maak nou self sinne wat begin met hierdie voegwoorde: alhoewel, voordat, nadat, wanneer, as, ingeval.

### Groep 4. Omdat en Want.

Voorbeelde (omdat):
(*a*) Ek was bang. Ek het gehardloop.
Ek het gehardloop **omdat ek bang was.**
(*b*) Sy was afwesig. Sy was siek.
Sy was afwesig **omdat sy siek was.**

**Oefening 13.** Verbind nou die volgende pare sinne met **omdat** soos in die twee voorbeelde hierbo:
(*a*) Ek het hard gehuil. Ek was baie treurig.
(*b*) My pa het die dokter ontbied. My ma was ernstig siek.
(*c*) My pa het gisteraand vroeg gaan slaap. Hy was baie moeg.
(*d*) Bettie het gegil. Die muis het reguit na haar kant toe gekom.
(*e*) Die dobbelaar het vroeg opgehou met speel. Hy het te veel daardie aand verloor.
(*f*) Ou Salie Slapoor gaan vanjaar sak. Hy het te min geleer.
(*g*) Ek kon nie konsert toe gaan nie. Ek het nie geld gehad nie.

(*h*) Die leerlinge vorder maar swak. Hulle let nie mooi op wanneer die onderwyser nuwe werk verduidelik nie.
(*i*) Julle voer niks uit nie. Julle probeer nie hard genoeg nie.
(*j*) Ons gaan nie saam nie. Ons het nie lus nie.

**Oefening 14.** Voltooi die onderstaande sinne:
(*a*) Sy speel nie meer nie, want sy het haar ......
(*b*) Hy vang nie meer vis nie, want die see ......
(*c*) Die motor raas nie meer nie, want die knaldemper ......
(*d*) Pa het ons fiets verkoop, want ons ......
(*e*) Ons gaan nie meer 'n nuwe motor koop nie, want my pa ......
(*f*) Die vrugteboer was kwaad, want die kwajongens ......

**Oefening 15.** Maak nou self sinne met die voegwoorde **want** en **omdat.**

## F. Tyd voor Plek

Voorbeelde:
(*a*) Hulle speel **smiddae** op die voetbalveld.
(*b*) Ons kuier **elke naweek** by Oupa-hulle.
(*c*) My oom gaan **elke jaar** na die landboutentoonstelling.
(*d*) Die dokter kom **elke oggend** en **elke aand** na ons buurman se huis toe.

**Oefening 16.** Maak nou sinne met die onderstaande woordgroepe:
(*a*) smôrens—by my tante
(*b*) ná die diens—na die Sondagskool toe
(*c*) voor ete—badkamer—om
(*d*) elke Kersfees—ná die Kersdiens—kuier by
(*e*) saans vroeg—by die vuur
(*f*) in die namiddag—by my maats
(*g*) ná die wedstryd—kleedkamer
(*h*) gedurende pouse—winkel toe
(*i*) tot laat in die nag—op straat

## G. Om Te en Woordorde

Voorbeelde:
(*a*) Ek hou daarvan **om** vroeg in die oggend op **te staan.**
(*b*) Sy hoop **om** haar broer voor die end van die jaar weer **te sien.**
(*c*) Hulle sal hard probeer **om** die volgende wedstryd teen ons **te wen.**
(*d*) **Om** eersteklas punte **te behaal,** is **nie** so maklik nie.
(*e*) **Om** met 'n mond vol kos **te praat,** is baie ongemanierd.

**Oefening 17.** Voltooi die onderstaande sinne:

(*a*) Dit is baie aangenaam om ......
(*b*) Dit is nie lekker om ......
(*c*) Dit is onbeleef om ......
(*d*) Dit is lelik om ......
(*e*) Om ...... te ......, is nie mooi nie.
(*f*) Om ...... te ......, is nie regverdig nie.
(*g*) Om ...... te ......, is selfsugtig.
(*h*) Ek sal probeer om ......
(*i*) Ek hoop om ......
(*j*) Het hy jou gevra om ......

## DIE DRIE HOOFTYE

### A.

Voorbeelde:

| | |
|---|---|
| Teenwoordige Tyd. | Hy **skop** die deur oop. |
| Toekomende Tyd. | Hy **sal** die deur **oopskop.** |
| Verlede Tyd. | Hy **het** die deur **oopgeskop.** |

**Oefening 18.** Skryf die volgende sinne oor (1) in die toekomende tyd en (2) in die verlede tyd, soos in die voorbeeld hierbo.

(*a*) Die stout seun maak sy sustertjie seer.
(*b*) My broertjie wen my oorlosie styf op.
(*c*) Hulle speel ook saam.
(*d*) Die dik wortel sit vas in die bees se keel.
(*e*) Al die water loop uit.
(*f*) Ek trek my warm trui aan.
(*g*) Die vabond lag ons uit.
(*h*) Die stouterd smyt die gereedskap sommer neer.
(*i*) Ouma neem die snuifdosie en haal 'n knippie snuif uit.
(*j*) Hy tel 'n klip op en gooi die hond teen sy kop.
(*k*) Die bobbejaan gryp die mieliekop en klóuter oor die muur.
(*l*) Hy raap die bal op en skop dit weg.

### B. Verlede Deelwoorde Sonder Ge-

**Groep 1.** Werkwoorde wat met: **be, ge, er, her, ont** en **ver** begin:
Voorbeelde:

(*a*) Ons **het** baie vroeg **begin.**
(*b*) **Het** hy **erken** dat hy 'n fout **begaan** het?
(*c*) Ek **het** hom nie **herken** nie, want hy was vermom.
(*d*) Ons **het** nie die helfte **onthou** wat hy **vertel** het nie.
(*e*) Die oubaas **het** alles wat hy **vertel** het twee keer **herhaal.**

**Oefening 19.** Skryf die volgende sinne oor in die verlede tyd:

(*a*) Ek onthou nie al die lang woorde nie.
(*b*) Hy erken dat hy skuldig is.
(*c*) Ek herken hom aan sy rooi snortjie.
(*d*) Ons verlang nou baie huis toe.
(*e*) Julle verdien om te slaag.
(*f*) Ouma vertel my klein sussie baie diereverhaaltjies.
(*g*) Die seun verniel sy klere in die veld.
(*h*) Sy vertaal boeke in Afrikaans.
(*i*) Aan wie behoort hierdie plaas?
(*j*) Dit geluk my nie altyd om hom om te praat nie.
(*k*) Die werktuigkundige herstel ons wasmasjien.
(*l*) Jùlle bespreek die saak baie deeglik, nè?

**Oefening 20.** Maak mondeling sinne met: gesels, het gesels; beloof, het beloof; ontvang, het ontvang; vertel, het vertel; verdien, het verdien; besproei, het besproei; vertaal, het vertaal; verdeel, het verdeel; besmeer, het besmeer; verjaar, het verjaar; geniet, het geniet; bewaar, het bewaar; herinner, het herinner.

**Groep 2. Het sien loop, het hoor fluit,** ens.
Voorbeelde:

(*a*) Ek **het** jou gister **sien loop.**
(*b*) **Het** jy die trein **hoor fluit**?
(*c*) **Het** niemand my **hoor klop** nie?
(*d*) My suster **het** haar slegte tande almal **laat trek.**
(*e*) Hoe laat **het** jy gisteraand **gaan slaap**?

**Oefening 21.** Maak nou mondeling sinne met: het sien speel, het sien steel, het hoor blaas, het hoor roep, het laat heelmaak, het laat skoonmaak, het laat vang, het gaan werk, het gaan visvang, het voel klop.

**Groep 3. Gesit en slaap,** ens.
Voorbeelde:

(*a*) Dit was só warm dat ons **gesit en slaap het.**
(*b*) Ek **het** onder die boom **gelê en lees.**
(*c*) Hy **het gestaan en kyk** hoe die kind verdrink.

**Oefening 22.** Maak mondeling sinne met: gesit en lag, gestaan en stry, geloop en sing, gestaan en kyk hoe, gestaan en spot, gelê en kreun, gesit en dink aan.

## DIE WERKWOORD (vervolg)

### Saamgestelde Werkwoorde

**Groep 1. Skeibare werkwoorde.**
Voorbeelde:

(*a*) Hy **maak** die plek **skoon.**
Hy **sal** die plek **skoonmaak.**
Hy **het** die plek **skoongemaak.**
Hy **wil** die plek **skoonmaak.**
Hy **wou** die plek **skoonmaak.**
Hy **moet** die plek **skoonmaak.**
Hy **moes** die plek **skoonmaak.**

(*b*) Sy **loop** dikwels **weg.**
Sy **gaan** hierdie naweek weer **wegloop.**
Sy **het** verlede week twee keer **weggeloop.**
(Let op die **ge-** in weggeloop.)

**Oefening 23.** Gebruik mondeling in sinne:

(*a*) Maak gaar, wil gaarmaak, sal gaarmaak, kan gaarmaak, wou gaarmaak, sou gaarmaak, kon gaarmaak, het gaargemaak.
(*b*) Kry swaar, sal swaarkry, het swaargekry.
(*c*) Hou vas, sal vashou, wil vashou, wou vashou, het vasgehou.

**Oefening 24.** Gebruik mondeling in sinne:

(*a*) sny oop, oopsny, oopgesny;
(*b*) lig op, oplig, opgelig;
(*c*) kap af, afkap, afgekap;
(*d*) bly agter, agterbly, agtergebly;
(*e*) spoel weg, wegspoel, weggespoel;
(*f*) maak mak, makmaak, makgemaak;
(*g*) maak dood, doodmaak, doodgemaak;
(*h*) maak gesond, gesondmaak, gesondgemaak;
(*i*) keur goed, goedkeur, goedgekeur;
(*j*) praat groot, grootpraat, grootgepraat;
(*k*) slaan raak, raakslaan, raakgeslaan;
(*l*) neem deel, deelneem, deelgeneem;
(*m*) gooi weg, weggooi, weggegooi.

**Oefening 25.** Gebruik mondeling in sinne: doodgegaan, fyngemaak, plaasgevind, teruggestuur, aangeraai, reggestel, reggemaak, gelukgewens, liefgehad, vasgebind, losgemaak, vasgemaak, kwaadgemaak, oopgesluit, oopgeskop, toegemaak, toegesluit, deurgesny, opgepas, weggegooi.

(Opmerking: Verduidelik waarom ons die werkwoorde in Groep 1 **skeibare** werkwoorde of **skeibaar saamgestelde wwe.** noem.)

**Groep 2. Onskeibare wwe. (Onskeibaar saamgestelde wwe.)**

Lees die onderstaande werkwoorde hardop. Die klemtoon moet op die **laaste deel** van die werkwoord val: omhels, omring, voorsien, ondervra, ondersoek, voorkom, voorspel, oortree, oordryf, mishandel.

Sinne met hierdie onskeibare wwe.:

(*a*) Hulle planne **misluk** altyd.
Hulle planne **sal misluk.**
Hulle planne **het misluk.**

(*b*) Die sekretaresse **onderteken** die briewe.
Sy **sal** al hierdie briewe **onderteken.**
Sy **het** al honderde briewe **onderteken.**

Let op dat die onskeibare werkwoorde se dele nie geskei word nie.

**Oefening 26.** Skryf die volgende sinne (1) in die toekomende tyd en (2) in die verlede tyd.

Voorbeeld:

Hulle **omsingel** die vyand.
Hulle **sal** die vyand **omsingel.**
Hulle **het** die vyand **omsingel.**

(*a*) Die wrede seun mishandel die arme perd.
(*b*) Hulle voorspel 'n groot droogte.
(*c*) Die onverskillige man oortree die wet.
(*d*) Hy omhels haar en soen haar.
(*e*) Die dokter ondersoek en behandel die arm mense kosteloos.
(*f*) Blom en Kie. voorsien ons van ruikers.
(*g*) Jy oordryf wanneer jy van jou ondervindinge op die rotse vertel.

(Skryf **toe** i.p.v. **wanneer** in die verlede tyd. Die voegwoord **toe** dui verlede tyd aan.)

Opmerking: Hersien nou weer vlugtig Groep 1. (Skeibare wwe.). Die meeste werkwoorde in Afrikaans is skeibaar.

## DIE BEDRYWENDE EN DIE LYDENDE VORM

Die sinnetjies wat julle in oefening C onder die opskrif **Hoenderboerdery** gemaak het, is in die lydende vorm.

Nog voorbeelde:

**Oefening 27.** Voltooi die onderstaande sinne. Hulle moet almal in die lydende vorm wees.

Groep 1. (Teenwoordige tyd):

(*a*) Ons huis se vloere word elke dag ......
(*b*) Die bad word elke oggend ......
(*c*) Ons voorstoep word twee keer per week ......
(*d*) My hare word elke tweede week ......
(*e*) Wanneer ons motor stukkend is, word dit deur die beste werktuigkundige op ons dorp ......
(*f*) Ons reiskaartjies word deur die kaartjiesondersoeker ......
(*g*) Ons klavier word ...... wanneer dit begin vals word.
(*h*) Die tuin word deur die tuinjong ...... wanneer dit droog word.
(*i*) Hierdie mandjies word deur blindes met die hand ......
(*j*) Die graanland word met trekkers ......

Groep 2. (Verlede tyd):

(*a*) Die besluit is nou klaar ......
(*b*) Die vet vark is al eergister ......
(*c*) My neef is verlede week vir blindedermontsteking ......
(*d*) Ons is almal teen pokkies ......
(*e*) Die kinders is almal deur ...... ingespuit teen witseerkeel.
(*f*) Die dief is deur ...... betrap.
(*g*) Die brief is deur 'n bekwame ...... getik.
(*h*) My klein sustertjie is Sondag deur ...... gedoop.
(*i*) My pa se tande is verlede Saterdag deur mnr. Van der Poel, ons tandarts, ......
(*j*) Die huis se dak is verlede week deur ......

Groep 3. (Toekomende tyd):

(*a*) Die prys sal deur ...... gewen word.
(*b*) Die dief sal deur die ...... betrap word.
(*c*) Die slegte paaie sal na die eerste reën ...... word.
(*d*) Ons boeke moet almal môre oorgetrek ......
(*e*) Die papiere wat so rondlê, moet almal ...... word.
(*f*) Wanneer gaan die vet skaap ...... word?
(Ons kan ook sê: Wanneer word die skaap geslag?)

Julle het al dikwels in julle Engelse taalwerk sinne verander van die bedrywende na die lydende vorm. Hier volg nou voorbeelde van sinne wat eers in die bedrywende vorm en dan in die lydende vorm staan.

### (a) Teenwoordige Tyd

| **Bedrywende Vorm** | **Lydende Vorm** |
|---|---|
| Die seun skop die hond. | Die hond **word** deur die seun **geskop.** |
| Die dogter knyp die kat. | Die kat **word** deur die dogter **geknyp.** |
| Die perde byt die kalf. | Die kalf **word** deur die perde **gebyt.** |

### (b) Verlede Tyd

| | |
|---|---|
| Die seun het die hond geskop. | Die hond **is** deur die seun **geskop.** |
| Die dogter het die kat geknyp. | Die kat **is** deur die dogter **geknyp.** |
| Die perde het die kalf gebyt. | Die kalf **is** deur die perde **gebyt.** |

### (c) Toekomende Tyd

| | |
|---|---|
| Die seun sal die hond skop. | Die hond **sal** deur die seun **geskop word.** |
| Die dogter sal die kat knyp. | Die kat **sal** deur die dogter **geknyp word.** |
| Die perde sal die kalf byt. | Die kalf **sal** deur die perde **gebyt word.** |

Bespreek die bostaande voorbeelde deeglik voordat die volgende oefening aangepak word.

**Oefening 28.** (Mondeling.) Gebruik in sinne: word uitgetrek, is uitgetrek, sal uitgetrek word; word geslaan, is geslaan, sal geslaan word; word opgewen, is opgewen, sal opgewen word; word mishandel, is mishandel, sal mishandel word; word voorsien van, is voorsien van, sal voorsien word van; word verdeel, is verdeel, sal verdeel word.

(Opmerking: Die meeste verlede deelwoorde het **ge-**, bv. geslaan, uitgetrek, ens. In oefening 25 en in oefening 26 het julle 'n aantal verlede deelwoorde sonder **ge-** teëgekom. In oefening 28 is drie van hulle, nl. mishandel, voorsien en verdeel. Noem nou nog 'n aantal.)

**Oefening 29.** Skryf die onderstaande sinne oor in die lydende vorm.

Groep 1. (Teenwoordige tyd):

(*a*) Die kinders terg die bobbejaan.
(*b*) Die bediende skrop die vloere spierwit.
(*c*) Die nuwe predikant doop die kinders.
(*d*) Die dogters maak die beddens op. (......opgemaak)
(*e*) Ons tuinjong spit die beddings om. (......omgespit)
(*f*) Die katte skeur al tant Hannie se kouse.

Groep 2. (Verlede tyd):

(*a*) Die inbrekers het mnr. Vink vasgebind.
(*b*) Die stout kinders het die buiteband stukkend gesny.
(*c*) Die komitee het mnr. Pretorius benoem.
(*d*) Die prokureur het my pa lelik bedrieg.
(*e*) Mej. Retief het die vraag gestel.

Groep 3. (Toekomende tyd):

(*a*) Die kondukteur sal julle om sesuur roep.
(*b*) Die kelners sal almal betyds bedien.
(*c*) Julle teenstanders sal julle vanjaar maklik verslaan.
(*d*) Almal sal ons beskinder.
(*e*) Die stouterds sal die mak bobbejaantjie weer terg.
(*f*) Die skoolhoof sal die bakleiers straf.

## DIE DIREKTE EN DIE INDIREKTE REDE

Die direkte rede is die **direkte of eie woorde** van die spreker. Voorbeelde. (Let op die aanhalingstekens):

(*a*) „Ek is bly," sê hy.
(*b*) „Gaan die kind saam?" vra sy.
(*c*) „Pasop! Daar's 'n skerpioen," skreeu die verskrikte meisie.

Die inleidende werkwoorde (hoofwerkwoorde) kan ook eerste staan. Dan skryf ons dieselfde sinne so:

(*a*) Hy sê: „Ek is bly."
(*b*) Sy vra: „Gaan die kind saam?"
(*c*) Die verskrikte meisie skree: „Pasop! Daar's 'n skerpioen."

As iemand nou **oorvertel** wat 'n ander persoon gesê het, dan gebruik ons die indirekte rede (die oorvertelde woorde). Hieronder volg voorbeelde van sinne wat eers in die direkte rede geskryf is en dan oorgeskryf is in die indirekte rede. Lees al die voorbeelde 'n paar keer deur. Onderstreep alle werkwoorde en voornaamwoorde en let op die veranderings wat hulle ondergaan.

Groep A.

1. D. „Ek het tandpyn," sê Barbara.
   I. Barbara het gesê dat sy tandpyn het.
   (Barbara het gesê sy het tandpyn.)
2. D. „Ek het tandpyn gehad," sê Barbara.
   I. Barbara het gesê dat sy tandpyn gehad het.
   (Barbara het gesê sy het tandpyn gehad.)
3. D. „Jy kan dit nie doen nie," sê hy aan sy sussie.
   I. Hy het aan sy sussie gesê dat sy dit nie kan doen nie.
   (Hy het aan sy sussie gesê sy kan dit nie doen nie.)
4. D. „Jy kon dit nie doen nie," sê hy aan sy sussie.
   I. Hy het aan sy sussie gesê dat sy dit nie kon doen nie.
   (Hy het aan sy sussie gesê sy kon dit nie doen nie.)
5. D. „Ek skeer my elke dag," sê Koos.
   I. Koos het gesê dat hy hom elke dag skeer.
   (Koos het gesê hy skeer hom elke dag.)
6. D. „Ek het my elke dag geskeer," sê Koos.
   I. Koos het gesê dat hy hom elke dag geskeer het.
   (Koos het gesê hy het hom elke dag geskeer.)
7. D. „Dit is my hoed," sê Ruben.
   I. Ruben het gesê dat dit sy hoed is.
   (Ruben het gesê dit is sy hoed.)
8. D. „Dit was my hoed," sê Ruben.
   I. Ruben het gesê dat dit sy hoed was.
   (Ruben het gesê dit was sy hoed.)

Opmerking: Julle verstaan nou seker waarom ons sê dat Afrikaans nie vaste reëls vir die opeenvolging van tye het nie. Die teenwoordige tydvorm word dikwels vir die verlede tyd gebruik. Dit hang van die verband of betekenis af.

**Oefening 30.** Skryf die volgende sinne oor in die indirekte rede. Veronderstel dat jy of iemand anders oorvertel wat die spreker gesê het:

(*a*) „Ek is baie moeg," sê Japie.
(Japie het gesê dat ......)

(*b*) „Ek hou van Boetie," sê Mona.

(*c*) „Ek kan dit nie doen nie," sê Andries.

(*d*) „Ons is maar lui," sê ou Slappie.

(*e*) „Ek borsel my tande drie keer op 'n dag," sê Dina.

(*f*) „Jy is baie lui, Adam," sê Abraham.

(*g*) „Jy is 'n bietjie te vet," sê Freda aan Hendrina.

(*h*) „Die leerling versuim sy pligte," sê die skoolhoof.

(*i*) Die seun sê: „Ek gee nie om wat julle almal van my sê of dink nie."

(*j*) Sy ma sê: „Hy is 'n liewe seuntjie."
(*k*) Sy pa sê: „Hy kry te min slae."
(*l*) Sy sussie sê: „Sy onderwyser moet hom maar goed looi."
(*m*) Sy klein boetie sê: „Hy is sommer 'n ou bullebak."
(*n*) Die skoolhoof sê: „Die nuwe leerling sal nog regkom."
(*o*) „Ek gaan my tand laat trek," sê Hans.
(*p*) „My tande is nie sleg nie," sê Grietjie.
(*r*) „Jy moet jou werk beter doen, Dora," sê Lydia.
(*s*) „Jy moet nou ophou met raas, Frikkie," sê mnr. Steyn.
(Mnr. Steyn het Frikkie beveel om ......)
(*t*) „Jy moet die hoenders meer kos gee, Gielie," sê sy oom.
(Gielie se oom het aan hom gesê dat ......)
(*u*) „Jy kan gerus nog langer hier by ons bly," sê tant Elsa aan haar niggietjie.
(Tant Elsa het haar niggietjie uitgenooi ......)
(*v*) „Jy moet nou stilbly!" sê mev. Brink kortaf aan Sannie.
(Mev. Brink het Sannie kortaf beveel om ......)

Ons moet dikwels oorvertel wat ander mense **gevra het** (watter vrae hulle gestel het). Hier volg nou voorbeelde van vrae in die direkte rede en in die indirekte rede.

Voorbeelde:

1. D. „Is dit 'n mooi boek?" vra sy.
   I. Sy het gevra of dit 'n mooi boek is.
2. D. „Was julle tuis?" vra hy toe.
   I. Hy het gevra of hulle tuis was.
3. D. „Gaan Piet by die huis bly?" vra sy.
   I. Sy het gevra of Piet by die huis gaan bly.
   (Ons kan ook sê: Sy vra toe of Piet by die huis gaan bly. Let op die gebruik van **toe** vir die verlede tyd.)
4. D. „Was die motor dan stukkend?" vra sy toe.
   I. Sy vra toe of die motor dan stukkend was.

**Oefening 31.** Voltooi die volgende sinne:

(*a*) Die konstabel het gevra of die motorbestuurder ......
(*b*) Die konstabel het aan die motorbestuurder gevra of ......
(*c*) Die apteker het gevra of ......
(*d*) Die stasiemeester het gevra wanneer ......
(*e*) Die klavierspeler het gevra hoe ......
(*f*) Die predikant het gevra waarom ......
(*g*) Die skoolhoof het gevra watter ......
(*h*) Die generaal het die soldaat gevra ......
(*i*) Die slagter het aan my gevra ......

(*j*) Die skoenmaker het aan Pappie gevra of ......
(*k*) Die winkelier het aan Mammie gevra hoeveel ......
(*l*) Die kêreltjie het aan sy nôientjie gevra watter dag ......

**Oefening 32.** Skryf die onderstaande sinne oor in die indirekte rede:
(*a*) „Reën dit?" vra Oupa.
(*b*) „Waai die wind?" vra Ouma.
(*c*) „Gaan dit 'n mooi dag wees?" vra my suster.
(*d*) „Neem al die kinders deel aan sport?" vra die verpleegster.
(*e*) „Gaan julle saam, kleinspan?" vra die buskondukteur.
(*f*) „Is julle bly oor die vakansie, kinders?" vra mej. Spies.
(*g*) „Dink jy ook so?" vra die nuweling aan die senior leerling.
(*h*) „Sing u in die koor, mej. Storm?" vra die orreliste.
(*i*) „Ken julle julle werk?" vra sy toe aan ons.
(*j*) „Het jy jou boeke by die huis vergeet, Ampie?" vra sy.
(*k*) „Waar is die ellendige besem?" vra tant Siena woedend.

**Oefening 33.** Skryf oor in die direkte rede. (Skryf die direkte woorde van die sprekers.) Sorg dat julle aanhalingstekens reg gebruik.
(*a*) Oom Andries het gevra waar die besem is.
(*b*) Oom Andries het gevra waar die besem die vorige dag was.
(*c*) Knopkoppie het gevra hoe laat dit is.
(*d*) Knopkoppie het gevra hoe laat dit was toe die kinders gaan slaap het.
(*e*) Gansie het gevra wanneer hulle weer gaan swem.
(*f*) Linda se ma het haar gevra waarheen sy gaan.
(*g*) Ou Dowedoors het gevra wat die voorsitter sê.
(*h*) Ou Dowedoors het gevra wat die voorsitter aan die begin van die vergadering gesê het.
(*i*) Die klant het aan die klerk gevra watter das die beste is.
(*j*) Mev. Bekker het aan mnr. Haan gevra hoeveel hoenders hy aanhou.
(*k*) Die passasier het beangs gevra of hy nog betyds sal wees.
(*l*) Mieta het gevra of Tolletjie vir hulle gaan help.
(*m*) Die tikstertjie het Orgie gevra of hy al 'n motor kan bestuur.
(*n*) Sy het aan hom gevra of hy die lesing wat hy die vorige aand gehoor het, goed verstaan het.

Net soos in Engels, kom daar in Afrikaans **bywoordveranderings** voor. Dit gebeur egter nie so gereeld en volgens vaste reëls nie. Voorbeelde in sinne:
(*a*) „Die fees word **hier** gevier," sê die aankondiger.
Die aankondiger het gesê dat die fees **daar** gevier word.
(*b*) „**Hierdie** plek is te vuil," sê sy.
Sy het gesê dat **daardie** plek te vuil is.

(*c*) „Hy het **hiernatoe** per vliegtuig gekom," sê sy ma.
Sy ma het gesê dat hy **daarnatoe** per vliegtuig gegaan het.

(*d*) „Ons was **gister** almal siek," sê Stokkiesdraaier.
Stokkiesdraaier het gesê dat hulle **die vorige dag** almal siek was.

(*e*) „Ons speel **vandag** baie beter," merk hy toe op.
Hy het die opmerking gemaak dat hulle **daardie dag** baie beter speel.

(*f*) „Ons gaan **môre** see toe," sê sy.
Sy het gesê hulle sou **die volgende dag** see toe gaan.

Let op die volgende veranderings in bywoorde:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Hier** | verander | gewoonlik | in | **daar.** |
| Hiernatoe | „ | „ | „ | daarnatoe. |
| Vandag | „ | „ | „ | daardie dag. |
| Môre | „ | „ | „ | die volgende dag. |
| Oor 'n jaar | „ | „ | „ | na 'n jaar. |
| Gister | „ | „ | „ | die vorige dag. |
| Eergister | „ | „ | „ | twee dae tevore. |
| 'n Jaar gelede | „ | „ | „ | 'n jaar tevore. |

**Oefening 34.** Skryf oor in die indirekte rede:

(*a*) Hy sê: „Ek gaan môre swem."
(Hy het gesê dat hy die volgende ......)

(*b*) Hulle sê: „Ons was gister by die dam."
(Hulle het gesê ......)

(*c*) „Hierdie boom se vrugte is al ryp," sê die boer.
(Die boer het gesê ......)

(*d*) „Ons kan dit maar vandag doen," sê die ou toe.

(*e*) „Ek kon gister nie een som regkry nie," sê Doppies met trane in haar oë.

(*f*) „Mammie wou my gister 'n pak slae gegee het," sê Hannes.

## DIE ONTKENNING

**Oefening 35.** Voltooi die volgende sinne. Gebruik dubbele ontkenning, soos julle in standerd V geleer het:

Groep A. (Ontkenning en hulpwerkwoorde):

(*a*) Die kind wil nie na my ......
(*b*) Jy behoort dit nie weer ......
(*c*) Sy sê sy sal dit nie weer ......
(*d*) Ek kon die stouterd nie ......
(*e*) Jy moes dit nie ......
(*f*) Jy moes hulle nie ......
(*g*) Die hond wou nie meer ......
(*h*) Ons sou nie betyds ...... het ......
(*i*) Ons sou nie ......, al was ons betyds.

Groep B. (Ontkenning en **hoef nie**):

(*a*) Ons hoef nie langer te ...... nie.
(*b*) Sy hoef nie meer te ...... nie.
(*c*) Jy hoef nie so baie te ...... nie.
(*d*) Ons hoef nie verder ......
(*e*) Hulle hoef nie deur die ......

Groep C. (Ontkenning en **behoort nie**):

(*a*) Jy behoort nie so laat by jou vriende te ......
(*b*) Die siek kind behoort nie nou al ......
(*c*) Die slim leerling behoort nie te ......
(*d*) 'n Mens behoort nie tussen maaltye ......
(*e*) Jy behoort nie oor te vertel wat ......

**Oefening 36.** Beantwoord die onderstaande vrae met: „**Nee,** ......

Voorbeelde:

(i) „Het jy **iets** nodig?"
„Nee, ek het **niks** nodig nie."
(ii) „Gaan jy **ooit** bioskoop toe?"
„Nee, ek gaan **nooit** bioskoop toe nie."
(iii) „Het **iemand** geroep?"
„Nee, **niemand** het geroep nie."

Sinne (Vrae):

(*a*) „Speel jy ooit by Ria-hulle?"
(*b*) „Gaan jou ma ooit kerk toe?"
(*c*) „Weet iemand van die ongeluk?"
(*d*) „Is hier êrens 'n petrolpomp?" (...... nêrens ......)
(*e*) „Het iemand jou uitgenooi?"
(*f*) „Hoor jy iets dreun?"
(*g*) „Het iemand jou met jou somme gehelp?"

**Oefening 37.** Skryf die onderstaande sinne in die verlede tyd.

Voorbeelde:

(i) Hy sê **nie** hy wil hier bly nie.
Hy **het nie gesê** hy wil hier bly nie.
(Hy **het nie gesê** dat hy hier wil bly nie.)
(ii) Ek sê **nie** ek wil saamgaan nie.
Ek **het nie gesê** ek wil saamgaan nie.

Sinne:

(*a*) Ek sê nie jy is onnosel nie.
(*b*) Ek sê nie ons moet langer bly nie. (...... moes ......)
(*c*) Hy sê nie ons moet wag nie.
(*d*) Sy sê nie sy hou daarvan nie.
(*e*) Ek sê nie ek kan dit beter as jy doen nie.
(*f*) Ek sê nie ek ken meer geskiedenis as jy nie.
(*g*) Ek sê nie julle is oneerlik nie.

**Oefening 38.** Voltooi die onderstaande sinne. Elke voltooide sin sal drie of vier nie's hê.

Voorbeelde:

(i) Ek sê **nie** julle kan die werk **nie** doen **nie.**

(ii) Jy sê **nie** jy wil dit **nie** hê **nie.**

(iii) Ek sê **nie** jou opstel is **nie** goed **nie.**

(iv) Ek kan **nie** gaan **nie,** want ek het **nie** geld **nie.**

(v) Hy het **nie** geld **nie,** omdat hy **nie** wil werk **nie.**

Sinne om te voltooi:

(*a*) Ek sê nie die baba is nie ......

(*b*) Die konstabel sê nie jou motor is nie ......

(*c*) Ma sê nie ons mag nie ......

(*d*) Pa sê nie jy hoef nie meer te ......

(*e*) Ek wil nie gaan nie, want ek het nie ......

(*f*) Ek wil nie bly nie, want ek het nie ......

(*g*) Hy sal nie speel nie, ...... tyd nie.

(*h*) Jy moet nie wag nie, ...... kom nie.

(*i*) Die hond kan jou nie byt nie, want ...... nie.

(*j*) Petrus sal jou nie help nie, want ...... nie.

(*k*) Kosie wil nie langer by ons bly nie, want ...... nie.

(*l*) Julle moet nie met mev. Staal spot nie, want ...... nie.

## DIE SELFSTANDIGE NAAMWOORD

### I. ENKELVOUD EN MEERVOUD

Enkelvoud: Die **kind** het 'n groot **neus** en 'n klein **voorkoppie.**
Meervoud: Die **kinders** het groot **neuse** en klein **voorkoppies.**

Die volgende agtervoegsels word gebruik om die meervoud te vorm: -e, -s, -es, -ers, -ere, -te.

#### Meervoude op -e

**Groep 1.**

Voorbeelde: hand—hande; stoel—stoele; boek—boeke.

Opmerking: Die meeste s.nwe. van een lettergreep (bv. hand) neem -e om die meervoud te vorm.

Uitsonderings: ooms, neefs, broers, mans, leeus, spreeus, saals, koks, maats; arms, wurms (spreek uit: wurrems), derms, swerms, skelms, palms, psalms, ens.

**Groep 2.** Woorde met die klemtoon op die laaste lettergreep: klaviere, prinsipale, hotelle, viole, kwartale, assistente, presidente, offisiere, ens.

Uitsonderings: kafees, dinees, barbiers, winkeliers, juweliers, generaals, admiraals, korporaals, kolonels, kapteins, inspekteurs, kondukteurs.

**Groep 3.** F word dikwels **w** of **ww**:
skaaf—skawe; slaaf—slawe; kreef—krewe; brief—briewe; straf—strawwe; kloof—klowe; stoof—stowe; wolf—wolwe; dief—diewe; sif—siwwe; fotograaf—fotograwe, ens.

**Groep 4.** Woorde op **-g:**
vlag—vlae; dag—dae; saag—sae; vlieg—vlieë; wieg—wieë; ploeg—ploeë; voeg—voeë; kroeg—kroeë; boog—boë; oorlog—oorloë; tuig—tuie; trog—trôe of trogge; sog—sôe of sogge; eg—êe of egge; brug—brûe of brugge; wig—wîe of wigge.

**Meervoude op -te**

beeste, geeste, peste, neste, vragte, nagte, magte, regte, knegte, pligte, ligte, vrugte, orkeste, distrikte, kamaste, koloniste, resepte, vuiste, barste, berigte, kiste, oeste, ens.

**Meervoude op -de**

hemp—hemde; hoof—hoofde; voog—voogde; deug—deugde.

**Meervoude op -s**

**Groep 1.** Sien die uitsonderings hierbo: wurms, swerms, spreeus, ens.

**Groep 2.** Oupas, oumas, vaders, moeders, susters, tantes, outas, aias, bedelaars, lafaards, bruidegoms, ens.

(Die hoofklem val **nie** op die laaste lettergreep nie. Lees die voorbeelde weer deur. Gee nog voorbeelde. Daar is 'n aantal uitsonderings: leerlinge, nuwelinge, tweelinge, vlugtelinge, ens.)

**Groep 3.** Meervoude op **'s:**

(*a*) Die letters van die alfabet: twee a's, b's, d's, ens.

(*b*) S.nwe. wat op 'n beklemtoonde **-a** eindig:

twee pa's (maar twee oupas)
twee ma's (maar twee oumas)
twee hoera's (maar twee sofas)
twee karba's (maar twee paddas)

(*c*) 'n Klompie vreemde woorde op **-i, -o** en **-u:**

foto's, eggo's, impi's, duo's.

## Spesiale Groepe

**Groep A.**

Lees die volgende woorde hardop. Let op die verandering of verlenging van die stamklinker: glas—glase; vat—vate; dal—dale; spel—spele; bevel—bevele; lid—lede; smid—smede; skip—skepe; gebod—gebooie; pad—paaie; blad-blaaie; skilpad—skilpaaie; gebed—gebede; stad—stede; god—gode.

**Groep B.**

Meervoud op **-ers:** kinders, kalwers, lammers, maters, splinters.
Meervoude op **-ere:** liedere, goedere, volkere (of volke).
Meervoude op **-ens:** nooiens of nôiens, vrouens, waens, gevoelens.

**Groep C.**

Woorde op **-man:**

| | | |
|---|---|---|
| Boesman | — | Boesmans |
| Engelsman | — | Engelse |
| Fransman | — | Franse |
| werksman | — | werksmense, werksmanne |
| ambagsman | — | ambagsmanne, ambagsliede |
| sakeman | — | sakelui, sakemanne |
| stuurman | — | stuurlui, stuurmanne |
| buurman | — | bure |
| seeman | — | seeliede |
| voorman | — | voormanne |

**Groep D.**

Twee meervoudsvorme met dieselfde betekenis (vervolg):

| | | |
|---|---|---|
| klippie | — | klippies, klippertjies |
| lammetjie | — | lammetjies, lammertjies |
| maatjie | — | maatjies, matertjies |
| rib | — | ribbe, ribbes |
| mied | — | miede, miedens |

**Groep E.**

Twee meervoudsvorme met verskil in betekenis:

harte (wat klop en bloed pomp)
hartens ('n kaart in kaartspel)
saals (op perde se rugge)
sale (waarin mense vergader)
rugge (van mense en diere)
rûens (waarop boere koring saai)

mans (die manlike van vrouens)
manne (soldate, helde, ens.)
basse (wat in 'n koor sing)
baste (van bome)
baddens (in badkamers)
baaie (waar warm water uit die grond uit borrel)
maats (met wie jy speel)
mate (wat jy gebruik om mee te meet)
blaaie (van 'n boek)
blare (van 'n plant)
skofte (tydperke)
skowwe (van osse)
gasse (soos koolsuurgas, stikstof en suurstof)
gaste (wat by jou kom kuier)
hope (soos hope grond)
verwagtinge (dinge waarvoor 'n mens hoop)
rate (teen siektes)
rade (soos stadsrade, afdelingsrade en skoolrade)

**Groep F.** Let op die spelling: seë, weë, treë, sleë, feë.

**Groep G.** 'n Paar vreemde woorde:
politikus—politici, kritikus—kritici, musikus—musici.

**Groep H.** Maat, Gewig, Hoeveelheid, ens.
'n Reus van ses **voet** elf **duim** lank.
Ses **pond** suiker en agt **onse** vlugsout.
Vyf **jaarts** linne en vyf **voet** flennie.
Agt **myl,** ses **furlong** in die omtrek.
Tien **uur**, elf **minute.**

**Oefening 39.** Skryf die meervoud van: wa, sog, oorlog, see, weg, sendeling, leerling, stad, hemp, bad, slag, vlag, lam, kalf, ma, ouma, tuig, gerf, wolf, nag, nes, gees, roer, spreeu, eeu, tree, sif, wag, hoef, stof, opgrawing, volgeling, swaer, hoera, lied, Fransman, werksman, eg, wig, rib.

**Oefening 40.** Skrywe die volgende sinne oor met die s.nwe. in die meervoud:
(*a*) Die skaap was op die dief se rug.
(*b*) Die tante neem 'n laken na die oom se kamer.
(*c*) Die pa en ma gaan na die juwelier om 'n borsspeldjie vir die dogtertjie te koop.
(*d*) Die kolonel en die kaptein het by die generaal gaan eet.

(*e*) Gee die skaaf en die saag vir die timmerman aan, asseblief.
(*f*) Die Fransman het rusie gemaak met sy buurman.
(*g*) Die hen en die voël sit en slaap op 'n tak in die denneboom.
(*h*) Die bokram kyk deur die skrefie in die kraalmuur.
(*i*) My maat se pa het 'n nuwe motor.

## II. MANLIKE EN VROULIKE GESLAG

In Afrikaans word geslag op drie maniere aangedui:

1. Deur aparte woorde, soos:

| | | | |
|---|---|---|---|
| vader | moeder | buurman | buurvrou |
| oupa | ouma | hingsvul | merrievul |
| pa's | ma's | bulkalf | verskalf |
| stiefpa | stiefma | reunhond | teefhond |
| kleinneef | kleinniggie | beer | sog ('n vark) |
| swaer | skoonsuster | hoenderhaan | hoenderhen |
| wewenaar | weduwee | bokram | bokooi |
| oujongkêrel | oujongnooi | skaapram | skaapooi |
| mansmense | meisiemense | rammetjie | ooitjie |
| bruidegom | bruid | reuntjie | tefie |
| strooijonker | strooimeisie | bulletjie | versie |
| heer | dame | haantjie | hennetjie |

2. Deur die woorde **mannetjie** en **wyfie:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| leeumannetjie | leeuwyfie | kalkoenmannetjie | kalkoenwyfie |
| tiermannetjie | tierwyfie | gansmannetjie | ganswyfie |
| volstruismannetjie | volstruiswyfie | mannetjie-makou of makoumannetjie | makouwyfie |
| eendmannetjie | eendwyfie | | |

3. Deur agtervoegsels:

| -e en -te | | -es | |
|---|---|---|---|
| assistent | assistente | onderwyser | onderwyseres |
| prinsipaal | prinsipale | prins | prinses |
| president | presidente | dienaar | dienares |
| orrelis | orreliste | sanger | sangeres |

| -ster | | -in | |
|---|---|---|---|
| skrywer | skryfster | vriend | vriendin |
| kleremaker | kleremaakster | held | heldin |
| leier | leidster | Jood | Jodin |
| modemaker | modemaakster | koning | koningin |
| werker | werkster | slaaf | slavin |
| verkoper | verkoopster | god | godin |
| spreker | spreekster | Christen | Christin |

**-ise**

| | |
|---|---|
| inspekteur | inspektrise |
| akteur | aktrise |
| eksaminator | eksaminatrise |
| redakteur | redaktrise |
| lektor | lektrise |

**Oefening 41.** Gee die manlike vorm van: gravin, keiserin, godin, Christin, waarsegster, bakster, spreekster, bibliotekaresse, eggenote, pianiste, tesouriere, bedelares, towenares, heldin, dienares, digteres.

**Oefening 42.** Gee die vroulike vorm van: mannetjie, rammetjie, bulletjie, bulkalfie, kapokhaantjie, kêreltjie, grootvader, kleinseun, ouboet, olifantbul, mannetjie-duif, kalkoenmannetjie, stiefseun, eksaminator, vriend.

## III. VERKLEINWOORDE

Voorbeelde:

(*a*) Die babatjie se ogies, oortjies, neusie, voorkoppie, haartjies, handjies, voetjies, toontjies, magie, ens.; 'n klein waentjie, 'n smal paadjie, 'n dun snytjie brood, ens.

(*b*) Die nare ou skepseltjie, die verwaande ventjie, die parmantige ou klerkie, die lawwe ou mannetjie.

(Opmerking: Ons gebruik verkleinwoorde soms as ons met veragting van iemand praat.)

(*c*) My skatjie, my liefie, my duifie, my skapie, mammie se hartediefie, ens.

(Opmerking: Ons gebruik verkleinwoorde as bewys van ons liefde of teer gevoel.)

Verkleinwoorde word deur middel van **agtervoegsels** gevorm.

**Groep 1.** Verkleinwoorde op **-ie:**

(*a*) **Skafie**, rofie, klofie, nefie, duifie.
(*b*) **Blaffie**, draffie, kraffie, siffie, driffie.
(*c*) **Lagie**, magie, kragie, sagie, bogie.
(*d*) **Laggie**, vlaggie, daggie, bedraggie, soggie, gesiggie.
(*e*) **Sakie**, takie, klaasvakie, spokie, rokie, duikie.
(*f*) **Sakkie**, takkie, vakkie, rokkie, pondokkie, stukkie.
(*g*) **Apie**, rapie, skapie, repie, kepie, hopie, lopie.
(*h*) **Kappie**, lappie, happie, klappie, poppie, doppie, lippie.
(*i*) **Basie**, kasie, hasie, Kosie, kesie.
(*j*) **Bassie**, kassie, trossie, bossie, bussie.

Wat is die verkleinwoord van: strop, stroop; knop, knoop; vlag, vlaag; rok, rook; lag, laag; vrag, vraag?

**Groep 2.** Verkleinwoorde op **-jie:**

(*a*) Woorde op **-d**: handjie, tandjie, landjie, hondjie, hoedjie.

(*b*) Woorde op **-t**: katjie, latjie, pitjie, klontjie, rantjie.

Wat is die verkleinwoord van: maat, mot, poot, pot, loot, hoed, mond, saad?

**Groep 3.** Verkleinwoorde op **-tjie**:

(*a*) Woorde wat op 'n **klinker** uitgaan: paddatjie, sofatjie, Emmatjie, Bettatjie, oupatjie, oumatjie, outjie, treetjie, vlooitjie, sooitjie, ooitjie, kooitjie, leeutjie, spreeutjie.

(*b*) Sommige woorde op **-l**, **-n** en **-r**:

| | | |
|---|---|---|
| saaltjie | haantjie | blaartjie |
| paaltjie | kraantjie | aartjie |
| taaltjie | waentjie | oortjie |
| seëltjie | seuntjie | boortjie |
| steeltjie | toontjie | tiertjie |
| kooltjie | boontjie | biertjie |

Wat is die verkleinwoorde van: Anna, Hanna, Sanna, seël, spieël, koeël, nael, appel, hoepel, akker, wekker, leeu, spreeu, pampoen?

**Groep 4.** Verkleinwoorde op **-etjie:**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| dammetjie | balletjie | karretjie | kennetjie | gangetjie |
| kammetjie | getalletjie | sparretjie | pennetjie | slangetjie |
| rammetjie | stalletjie | | hennetjie | wangetjie |
| krammetjie | walletjie | | pannetjie | dingetjie |
| kommetjie | tolletjie | | kannetjie | ringetjie |
| | | | | kringetjie |

**Groep 5.** Verkleinwoorde op **-kie**:

| | |
|---|---|
| ketting — kettinkie | doring — dorinkie |
| rekening — rekeninkie | toring — torinkie |
| besitting — besittinkie | horing — horinkie |
| vergadering — vergaderinkie | koning — koninkie |
| bestelling — bestellinkie | kussing — kussinkie |
| piering — pierinkie | |

**Groep 6.** Verkleinwoorde op **-pie:**

| | | |
|---|---|---|
| raampie | oompie | asempie |
| kraampie | boompie | wasempie |
| lampie | soompie | wurmpie |
| duimpie | toompie | dermpie |
| riempie | | skelmpie |
| rympie | | skermpie |

**Groep 7.** Onreëlmatige verkleinwoorde:

| | |
|---|---|
| glas — glasie | rib — ribbetjie |
| pad — paadjie | spel — speletjie |
| gat — gaatjie | nooi — nooientjie |
| vat — vaatjie | nôi — nôientjie |
| | wa — waentjie |

**Oefening 43.** Vorm verkleinwoorde van die selfstandige naamwoorde in die volgende sinne:

(*a*) My ma het 'n nuwe baba. Hy het blou oë en geel hare. Sy arms en bene is mooi rond en vet. Sy lippe en wange is sag en rooi. Hy lyk net soos 'n prent.

(*b*) Soek maar vir jou twaalf albasters uit. Daar is wittes, swartes, bloues, groenes, geles, rooies, bruines en bontes. (wittetjies, swartetjies, ens.)

(*c*) Die kêrel se nôi lyk net oulik met haar nuwe rok en haar mooi krulhare.

(*d*) Kinders hou van diere, veral honde, katte, perde, esels, kalwers, kuikens en jong varke.

## VOORNAAMWOORDE

### A. Persoonlike en Besitlike Voornaamwoorde

Lees die voorbeelde hardop oor en oor:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Ek** | hou | **my** | goed. | Dis **myne.** |
| **Jy** | hou | **jou** | goed. | Dis **joune** (joue). |
| **Hy** | hou | **sy** | goed. | Dis **syne.** |
| **Sy** | hou | **haar** | goed. | Dis **hare.** |
| **Ons** | hou | **ons** | goed. | Dis **ons s'n.** |
| **Julle** | hou | **julle** | goed. | Dis **julle s'n.** |
| **Hulle** | hou | **hulle** | goed. | Dis **hulle s'n.** |

(Vraag: Wanneer gebruik ons **u** in plaas van **jou**?)

### B. Wederkerende Voornaamwoorde

**Ek** skeer **my** elke oggend.
**Jy** was **jou** half.
**Hy** verbeel **hom** hy is slim.
**Sy** bekommer **haar** oor haar siek mammie.
**Ons** verheug **ons** oor julle sukses.
**Julle** onstel **julle** verniet oor sy kritiek.
**Hulle** ontferm **hulle** oor die armes en siekes.

## C. Vraende Voornaamwoorde

**Wie** sê so?
**Wie se** huis is dit die?
**Wie s'n** is dit?
Op **wie se** kop het die klip geval?
In **wie se** sak het julle die pyp gekry?
Voor **wie se** huis staan die palmboom?
**Watter** (een) kies jy?
**Waarmee** slaan hy die arme esel so hard?
**Waarin** gooi jy die lemoenskille?
**Waarop** sit die kind?
**Waaraan** hou hy vas?

## D. Betreklike Voornaamwoorde

**Groep 1. Wat.**

Die man **wat** dit gesê het, het 'n leuen vertel.
Die kind **wat** die bal geskop het, het sy enkel verstuit.
Die mense **wat** verongeluk het, is gister begrawe.

**Oefening 44.** Maak sinne met: die dokter wat, die tandarts wat, die krieketspeler wat, die motorbestuurder wat, die bediende wat, die stoeier wat, die bokser wat, die tennisspeler wat, die hond wat, die oefeningboek wat, die plaasperd wat, die trekker wat. (Gebruik **wat** as 'n betreklike vnw., soos in die voorbeelde hierbo.)

**Groep 2. Wie se.**

Die man **wie se** motor ons wou koop, het vanoggend vertrek.
Die vrou **wie se** kind jy geslaan het, staan hierbuite.
Daar loop die man **wie se** vrou gister oorlede is.

**Oefening 45.** Maak sinne met: die dogter wie se pa, die seuntjie wie se stiefma, die skolier wie se werk, die koning wie se geskiedenis, die held wie se lewensgeskiedenis, die skrywer wie se.

**Groep 3. Op wie, na wie, voor wie, agter wie,** ens.

Die man **op wie** hulle die plank laat val het, is ernstig beseer.
Die dokter **na wie** ons nou gaan, is 'n haastige kêrel.
Die man **voor wie** jy gaan staan het, was woedend.
Wys my die ou vet oom **agter wie** jy weggekruip het.

Hoe oud is die seun **aan wie** jy altyd skrywe?

Die kind **langs wie** ek sit, is baie onoplettend.

Hoe is die naam van die meisie **met wie** jy gesels het?

**Oefening 46.** Maak nou self soortgelyke sinne met: die vrou met wie, die man na wie, die stouterd van wie, die oubaas langs wie, die liewe ou tannie aan wie, die messelaar op wie, die persoon vir wie.

**Groep 4. Waarop, Waarna, waarvoor, waaragter,** ens.

Die plank **waarop** ek getrap het, het afgebreek.

Wys my die krans **waarna** ons nou stap.

Wat is die doel **waarvoor** hierdie deurtjie gemaak is?

Is dit die kas **waaragter** julle weggekruip het?

Die geweer **waarmee** ek moet skiet, is niks werd nie.

Die pen **waaraan** jy die jas gehang het, het afgebreek.

**Oefening 47.** Gebruik in sinne: waarmee, waarin, waarop, waardeur, waarvoor, waaragter, waarlangs. (Die sinne moet nie in die vorm van vrae wees nie.)

## E. Aanwysende Voornaamwoorde

Moenie **hiervan** neem nie; neem **daarvan.**

Moenie **hiermee** slaan nie; slaan **daarmee.**

Jy kan **hierop** of **daarop** skrywe.

Ons moet **daarvan** hê. Ons kan nie **daarsonder** klaarkom nie.

Hy vra **dieselfde.**

**Oefening 48.** Vul gepaste voornaamwoorde in:

(*a*) Is dit die blik ...... ons die vullis moet gooi?

(*b*) Waar is die tou ...... ek moet vashou?

(*c*) Die fiets ...... ek gery het, was lendelam.

(*d*) Die tannie agter ...... ek weggekruip het, het lekker gelag.

(*e*) Weet jy miskien aan ...... hy die brief geskrywe het?

(*f*) Die kind ...... se boek ek geleen het, leer nooit nie.

(*g*) Op ...... se kop het die baksteen geval?

(*h*) Na ...... plaas ry ons nou?

(*i*) Ek bekommer ...... baie oor my siek sustertjie se toestand.
(*j*) Hulle ontstel ...... baie as hulle foute begaan.
(*k*) Verkoop aan my die oorlosie ...... jy opgetel het.
(*l*) Wys my die perd ...... gaan wen.
(*m*) Is dit die man ...... jou wou slaan?
(*n*) Met ...... het u gepraat, mnr. Schoeman?
(*o*) Jy kan daarmee net so min uitvoer as ......
(*p*) Is dit die kind met ...... jy saamgaan?

**Oefening 49.** Verbind die onderstaande pare sinne deur voornaamwoorde as verbindingswoorde te gebruik:

(*a*) Die man het verdrink. Hy het diep geswem.
(Die man **wat** diep geswem het, het verdrink.)
(*b*) Daar is die oom. Ons het in sy motor gery.
(*c*) Daar is die seun. Hulle het 'n pyp in sy sak gekry.
(*d*) Die motor word vandag verkoop. Dit was betrokke in 'n ongeluk.
(*e*) Die seun het gesak. Hy het 'n pak slae by die huis gekry.
(*f*) Die dogter is baie treurig. Haar moeder is gister oorlede.
(*g*) Die ouers is radeloos. Hulle kinders loop snags rond.
(*h*) Dit is die pen. Ek het daarmee geskrywe.
(*i*) Daar lê die arme man. 'n Baksteen het op sy kop geval.
(*j*) Die kinders het baklei. Hulle is deeglik gestraf.
(*k*) Die twee dogters sit daar langs mekaar. Hulle is lief vir mekaar.

**Oefening 50.** Maak vyf sinne wat begin met: 'n Mens moet jou . . .

Voorbeelde:

(*a*) **'n Mens** moet **jou** werk goed ken as **jy** hoë punte wil behaal.
(*b*) **'n Mens** moet **jou** werk só goed voorberei dat **jy jou** nie hoef te skaam wanneer **jy** 'n vraag moet beantwoord **nie**.

## DIE BYVOEGLIKE NAAMWOORD

Voorbeelde:

Ons het 'n baie **aangename** aand daar deurgebring. Daar was **heerlike** verversings, soos: **lekker vars** brood met **geurige** plaasbotter, **sagte** braaivleis, **sappige ryp** pere, ens.

Ons sê:

Die aand was **aangenaam.** Dit was **'n aangename** aand.
Die verversings was **heerlik.** Dit was **heerlike** verversings.
Die botter was **geurig.** Dit was **geurige** botter.
Die vleis was **sag.** Dit was **sagte** vleis.
Die vrugte was **sappig.** Dit was **sappige** vrugte.

**Oefening 51.** Maak nou sinne met: hard en harde; dof en dowwe; fluks en flukse; wreed en wrede; grof en growwe; vroeg en vroeë; leeg en leë.

**Oefening 52.** In standerd V het julle geleer dat die meeste eenlettergrepige b.nwe. op **-d, -f, -g** en **-s** verbuig word (soos aangename, heerlike, sagte, ens. hierbo). Julle het ook geleer dat die meeste meerlettergrepige b.nwe. verbuig word. Gee nou die korrekte vorm van die b.nw. tussen hakies: (kou) wind, (dood) visse, (blind) bedelaars, (goed) mense, (wreed) soldate, (breed) linte, (doof) mense, (grof) sout, (dof) ligte, (lig) vrag, (laf) skepsels, 'n (half) appel, 'n (laag) muurtjie, 'n (leeg) blik, 'n (vroeg) pruim, (ruig) maanhare, die (reg) keuse, 'n (sag) antwoord, (vinnig) bewegings, 'n (skuldig) gewete, die (reg) pad, (eg) diamante, (dig) houtbosse, (sleg) weer, (woes) gevegte, (trots) vaders, (snaaks) mense, (interessant) reisgenote, (oplettend) leerlinge

**Oefening 53.** Skryf passende selfstandige naamwoorde na die onderstaande byvoeglike naamwoorde (verboë vorme): Lees die b.nwe. oor en oor en leer die spelling goed.

| | | |
|---|---|---|
| droë ...... | lae ...... | digte ...... |
| hoë ...... | trae ...... | slegte ...... |
| vroeë ...... | | sagte ...... |
| moeë ...... | dowe ...... | opregte ...... |
| leë ...... | dowwe ...... | ligte ...... |
| breë ...... | growwe ...... | egte ...... |

**Oefening 54.** Vul passende selfstandige naamwoorde in:

| | | |
|---|---|---|
| yskoue ...... | hoepelkrom ...... | propvol ...... |
| vuurwarm ...... | penregop ...... | dolleë ...... |
| stroopsoet ...... | klipharde ...... | |
| asynsuur ...... | papsagte ...... | pikswart ...... |
| stokoue ...... | loodsware ...... | spierwit ...... |
| splinternuwe ...... | veerligte ...... | |
| doodsieke ...... | brandarm ...... | stokdowe ...... |
| perdfris ...... | skatryk ...... | stokstywe ...... |

**Oefening 55.** Voltooi die onderstaande sinne mondeling:

(*a*) ...... is hondmak.
(*b*) ...... is wildvreemd.
(*c*) ...... is stokblind.
(*d*) ...... is dolleeg.
(*e*) ...... is splinternuut.
(*f*) ...... is galbitter.
(*g*) ...... is bloedjonk.
(*h*) ...... is sopnat.
(*i*) ...... is kurkdroog.
(*j*) ...... is spekvet.
(*k*) ...... is brandmaer.
(*l*) ...... was doodsbleek.
(*m*) ...... was doodmoeg.
(*n*) ...... was doodbang.
(*o*) ...... was doodbedaard.
(*p*) ...... was doodeerlik.
(*r*) ...... was goudgeel.
(*s*) ...... potblou.
(*t*) ...... asvaal.
(*u*) ...... grasgroen.
(*v*) ...... bloedrooi.

**Oefening 56.** Gee die teenoorgestelde van: pikswart, galbitter, skatryk, perdfris, dolleeg, papsag, vuurwarm, veerlig.

**Oefening 57.** Vul passende selfstandige naamwoorde in:

Italiaanse ......
Portugese ......
Noorse ......
Die Transvaalse ......
Die Natalse ......
Die Vrystaatse ......
Die Rhodesiese ......
Griekse ......
Sweedse ......
Switserse ......
Suid-Amerikaanse ......
Oos-Indiese ......
Wes-Europese ......
Noord-Duitse ......

(Hersien: „Lande en Volkere" in Afdeling A.)

**Oefening 58.** Vul passende selfstandige naamwoorde in:

gekookte ......
gemaalde ......
geverfde ......
geënte ......
betaalde ......
verlore ......
herboude ......
bespreekte ......
bedorwe ......
gekerfde ......
geploegde ......
laggende ......
singende ......
skoppende ......
blinkende ......
stinkende ......
slapende ......
brandende ......
kokende ......
bewende ......
vleisetende ......
grasetende ......
lopende ......
staande ......
lydende ......
voorgeskrewe ......
gegote ......
verborge ......
onverskrokke ......
opgewonde ......
vergrote ......
verlate ......
vermiste ......

### B.nwe. in Vergelykings

Iets wat bloedrooi is, is **so rooi soos bloed.**
Iets was grasgroen is, is **so groen soos gras.**
Die doring is so **skerp soos 'n naald.**

**Oefening 59.** Sê nou wat of wie is:

so sterk soos 'n leeu
so maer soos 'n kraai
so vet soos 'n vark
so doof soos 'n kwartel
so taai soos 'n ratel
so mak soos 'n hond
so dood soos 'n mossie
so sterk soos 'n os
so stadig soos 'n trapsoetjies
so skelm soos 'n jakkals
so lelik soos die nag
so mooi soos 'n blom
so regop soos 'n kers
so krom soos 'n hoepel
so vinnig soos blits
so bleek soos die dood
so glad soos seep
so rooi soos bloed
so swart soos die nag
so wit soos 'n laken
so blou soos die lug

## TRAPPE VAN VERGELYKING

(Hersiening van std. V se werk)

Voorbeelde:

Hannes is 'n **goeie** man. (Stellende trap)
Manie is 'n **beter** speler. (Vergrotende trap)
Gerrit is die **beste** van almal. (Oortreffende trap)

**Oefening 60.** Gee mondeling die trappe van vergelyking van die volgende byvoeglike naamwoorde en bywoorde. (Voorbeelde word tussen hakies gegee).

(*a*) Soet, swart, blou, hard, stout (soet—soeter—soetste).
(*b*) Groot, vaal, skoon, kaal (groot—groter—grootste).
(*c*) Hoog, moeg, droog, leeg, vroeg (hoog—hoër—hoogste).
(*d*) Wit, glad, dom, slim, krom, lam (wit—witter—witste).
(*e*) Vars, dors, fluks, skaars, dwaas (vars—varser—varsste).
(*f*) Sag, lig, sleg (sag—sagter—sagste).
(*g*) Gaar, maer, waar, donker, duur, bitter, suur (gaar—gaarder—gaarste).
(*h*) Grof, laf, muf, dof (grof—growwer—grofste).
(*i*) Doof, styf, gaaf (doof—dower—doofste).
(*j*) Oud, koud, wyd, breed (oud—ouer—oudste).
(*k*) Baie, min (baie—meer—die meeste).

**Oefening 61.** Gee die regte vorm van die woord tussen hakies:

(*a*) Moet ek 'n (hoog) of 'n (laag) noot as hierdie een speel?
(*b*) Hou jy van 'n (droog) of 'n (klam) klimaat as julle streek s'n?
(*c*) Jou hoed se band is (breed) as myne, maar my hoed se bol is (hoog) as joune.

(*d*) Is die vrag nou (lig) of (swaar) as wat dit was?
(*e*) Hoe (maer) 'n mens word, hoe (lig) word jy natuurlik.
(*f*) Hoe (woes) hy speel, hoe (swak) vaar hy.
(*g*) Hy is die (woes) en (onnosel) speler op die baan.

**Oefening 62.** Gebruik in sinne: die duurste, die sagste, die woesste, die ratsste, die skaarsste, die laatste, die laaste, die doofste, die dofste, die ligste, die leegste, die laagste.

**Oefening 63.** Wat is die teenoorgestelde van die volgende?

| | |
|---|---|
| die volste rivier | die nuutste skoene |
| die smalste brug | die fluksste leerling |
| die koelste dag | die vroegste pruim |
| die soetste lemoen | die natste plek |
| die soetste koffie | die mooiste tuin |
| die soetste kind | die ratsste speler |
| die moeilikste som | die reguitste lyn |
| die volste drinkdam | die jongste kind |
| die slegste werksman | die eerste keer |

## BYWOORDE

**Oefening 64.** Maak mondeling sinne met die onderstaande bywoorde van **tyd.** (Hersien eers „Woordorde en Tyd" in hierdie Afdeling.)

Voorbeelde:
(*a*) Hy kom **vandag** of **môre** of **oormôre** terug.
(*b*) Hy gaan **binnekort** 'n reis onderneem.
(*c*) Sy het 'n tydjie **gelede** haar mangels laat uithaal.

Gebruik: gister, eergister; bedags, snags, smôrens, saans; daagliks, weekliks, maandeliks, jaarliks; selde, dikwels; later, vroeër; onmiddellik, later.

**Oefening 65.** Gebruik die volgende bywoorde om die onderstaande sinne te voltooi: eers, al, alreeds, meteens, skielik, lankal, weer, netnou, solank, intussen, onverwags, dadelik, soms, alweer, altyd.

(*a*) ...... spring die soldate op en storm op ons af.
(*b*) Wanneer kuier ons ...... by Oupa-hulle?
(*c*) Jy bly ...... so lank weg wanneer jy gaan kuier.
(*d*) Die gaste het ...... opgedaag en ons moes ...... iemand winkel toe stuur om blikkieskos te gaan koop.

(*e*) Jy moet ...... kyk of die appel nie vrot is nie, anders hap jy dalk in wurms.
(*f*) Die vrolike ou kan ook ...... terneergedruk word.
(*g*) ...... vlieg die bul om en jaag ons tot by die agterdeur.
(*h*) Jy's te laat; my fiets is ...... klaar verkoop.
(*i*) Wag maar ...... hier. Ek sal ...... iemand soek om ons te kom help.
(*j*) Wag maar nog 'n rukkie; ek sal ...... klaar hê.
(*k*) Hier kry ek 'n rekening vir goed waarvoor ek ...... betaal het.
(*l*) Wag jy nog altyd? Jou maat is al ...... weg.
(*m*) Het die klein stouterd ...... sy botteltjie gebreek?

**Oefening 66.** Gebruik die volgende bywoorde van plek om die onderstaande sinne te voltooi: hier, daar; hierheen, daarheen (hiernatoe, daarnatoe); hiervandaan, daarvandaan; deuskant, anderkant; vorentoe, agtertoe; ondertoe, boontoe; links, regs; êrens, nêrens; orals, nêrens:

(*a*) Die ou motortjie kon nie 'n duim ...... of ...... beweeg nie.
(*b*) As die boom ...... val, is ons dood; as dit ...... val, is ons huis weer in die slag.
(*c*) Gaan jy ...... heen vandag? Ek gaan ...... heen nie.
(*d*) Moet ons ...... of ...... soek vir die vis wat jy sien swem het?
(*e*) ...... gaan daar tien motors tot by die brug; maar ...... sal daar baie meer wees.
(*f*) Moet ons ...... wag of daar ......?
(*g*) Moet ek ...... of ...... draai?
(*h*) Hulle het ...... rond vir hom gesoek, maar hulle kon hom ...... kry nie.
(*i*) Die smous moet ...... kom; ek gaan nie ...... nie.

**Oefening 67.** Vul teenoorgesteldes in:

(*a*) Het die trok **vinnig** of ...... beweeg?
(*b*) Het die lig **dof** of ...... geskyn?
(*c*) Moenie **saggies** lees nie; lees ......
(*d*) Is die pasiënt **baie** beter of net ...... beter?
(*e*) Neem liewer te **veel** as te ......
(*f*) Marie doen haar werk **netjies**, maar Portia werk ......
(*g*) Die antwoord moet **heeltemal** reg wees; nie ...... reg nie.

(Gebruik: helder, effens, slordig, min, stadig, byna, hardop.)

**Oefening 68.** Vul in: lag-lag, huil-huil, fluit-fluit, kort-kort, gou-gou, val-val.

(*a*) Hettie het ...... weggestap nadat mej. Breed met haar geraas het.

(*b*) Die vrolike seun stap altyd ...... straat-af bioskoop toe.

(*c*) Die ou suiplap het ...... oor die gladde klippe in die drif aangesukkel.

(*d*) Hy is ...... by die brandewynflessie, en ...... is dit leeg.

## Afdeling C: Gemengde Toetsoefeninge

1. Soek in elke groep die twee woorde wat nie pas nie. Sê waarom hulle nie pas nie.
   (*a*) Skepskop, senter, stelskop, vleuel, heelagter, voorspeler, kolwer, skrumskakel, doelgooier.
   (*b*) Wa-as, sweep, disselboom, stuurwiel, jukskei, verkoeler, rieme.
   (*c*) Masjien, toeter, stuurwiel, verkoeler, vergasser, saal, vonkprop, mylmeter, toom.
   (*d*) Saalsakkie, modderskerm, agterwiel, fietsketting, halter, voor- en agterrem, petroltenk.

2. Gee een woord vir elkeen van die volgende omskrywings:
   (*a*) 'n plek waar die koning woon;
   (*b*) 'n plek waar 'n mens poswissels koop;
   (*c*) 'n plek waar 'n mens 'n misdaad gaan rapporteer;
   (*d*) 'n plek waar 'n magistraat of 'n regter 'n misdadiger verhoor;
   (*e*) 'n plek waar wilde diere in kampe aangehou word.

3. Soek in die tweede kolom selfstandige naamwoorde wat goed pas by die byvoeglike naamwoorde in die eerste kolom en skryf dan die uitdrukkinge neer. Voorbeeld: onverskrokke jagters.

| Groep 1. | | Groep 2. | |
|---|---|---|---|
| B.nwe. | S.nwe. | B.nwe. | S.nwe. |
| onverskrokke | yster | wrede | sout |
| gegote | blomme | egte | dade |
| voorgeskrewe | jagters | growwe | bene |
| verlepte | harte | krom | diamante |
| gebroke | boeke | splinternuwe | koffie |
| geënte | broeke | geurige | buitebande |
| gelapte | boompies | | |

4. Gee die meervoud van: bed, bad, gebed, gebod, see, tree, slee, moeilikheid, moontlikheid, besigheid, besonderheid.

5. Soek in die (*b*)-lysie wwe. wat by die s.nwe. in die (*a*)-lysie pas. Voorbeeld: 'n oorwinning behaal.

| Groep 1. (*a*) | Groep 1. (*b*) | Groep 2. (*a*) | Groep 2. (*b*) |
|---|---|---|---|
| dors | stil | reëlings | neem |
| honger | les | voorstelle | oplos |
| korrel | ly | wraak | tref |
| lyste | volg | vonnisse | slaak |
| neerlae | vat | vraagstukke | indien |
| kursusse | opstel | 'n sug | uitspreek |
| vlae | aflê | 'n heildronk | uitoefen |
| besoeke | hys | invloed | instel |

6. Vorm byvoeglike naamwoorde van die woorde tussen hakies: die (Transvaal) goudmyne, die (Vrystaat) mielie-oeste, die (Natal) suikerplantasies, die (Rhodesië) tabakboere, die (Swartland) koringboere, (Switserland) oorlosies, (Swede) staal, (Italië) kolonies, die (België) taalstryd, (Noorweë) walvisjagters.

7. 'n Klomp bye wat nesmaak, is 'n **swerm.** Wat noem ons die volgende:
   (*a*) 'n versameling boeke in 'n biblioteek;
   (*b*) 'n klomp skape bymekaar;
   (*c*) twee karperde voor 'n kar;
   (*d*) 'n klomp beeste bymekaar in die veld.

8. Vul versamelname in: 'n ...... visse in die see, 'n ...... mense by 'n sportbyeenkoms, 'n ...... spee'kaarte, 'n ...... blomme vir 'n bruid, 'n ...... brood in die oond, 'n ...... eiers onder 'n broeishen.

9. Skryf neer die vroulike van: oupa-grootjie, kleinseun, neef, nefie, skoonvader, skoonseun, stiefpa, stiefseun, peetoom.

10. Gee die meervoud van: Engelsman, Fransman, Boesman, buurman, voorman, werksman, stuurman.

11. Gee die teenoorgestelde van: laerskool, hoëveld, hoogwater, die eerste beurt, voorwiele, die bodorp, linkerwiel, binnemure, voordeur, deuskant, vorentoe, hierheen.

12. Van **hoog** en **water** vorm ons die saamgestelde woord **hoogwater.** Vorm nou saamgestelde woorde van: hoog en skool; laag en skool; hoog en veld; laag en veld; lam en tyd; lam en vanger; meisie en skool; seun en skool; son en ondergang; winter en reëns.

13. Maak sinne om aan te toon dat elkeen van die volgende woorde twee betekenisse het:

Voorbeeld:

Sit die **saal** reg op die perd se rug.
Daar is vyfhonderd sitplekke in die groot **saal.**

Woorde: nooi, sweer, week, pak, leer, gas, eg, hoop, laat, ons, vul.

14. Gee ontkennende antwoorde op die volgende vrae.

Voorbeeld: Het jy iets?
Nee, ek het niks nie.

(*a*) Gaan jy vanmiddag êrens heen?
(*b*) Ken jy iemand in Johannesburg?
(*c*) Het jy al ooit met iemand baklei?
(*d*) Het sy jou iets vertel van haar broer se nôi?
(*e*) Speel julle saans kaart?
(Opmerking: Hersien nou weer „Dubbele Ontkenning".)

15. Skryf die volgende afkortings voluit: S.W.A., Tvl., S.A.P., S.A.S. en H., asb., ens., bv.

16. Die volgende is saamgestelde woorde wat in verband met tennis gebruik word: tennisbeker, tennisbaan, tennisbroekie, tennisspeler, tennishemp, tenniswedstryd.

Skryf nou saamgestelde woorde wat gebruik word in verband met (*a*) krieket, (*b*) voetbal, (*c*) netbal, (*d*) hokkie, (*e*) atletiek. Kyk wie se lyste die langste is.

17. In plaas van om **buitemure** en **binnemure** te skrywe, kan ons die eerste woord verkort met behulp van 'n koppelteken, en dan skrywe ons: **buite- en binnemure.**

Skrywe nou die volgende uitdrukkinge met die eerste woord verkort, soos in die voorbeeld: somervakansies en wintervakansies, bodorp en onderdorp, bodeur en onderdeur, voorvoegsels en agtervoegsels, agterkant en voorkant.

18. Voltooi: voor- en ......deur
oggend- en ......ete
hoër- en ......skole
voor- en ......dele
groot- en ......vee

19. Skryf die volgende woorde reg. Gebruik die koppelteken: 'n seeeend, 'n waas, boop, oudleerling, Kooshulle, Oupahulle, die Goewerneurgeneraal, speelspeel, singsing, eeteet, gougou, WesTransvaal, OosLonden, SuidwesAfrika.

20. Voltooi die volgende sinne:
(*a*) Die skelm het gevlug nadat ......
(*b*) Die skelm het gevlug omdat ......
(*c*) Hy sal wegbly totdat ......
(*d*) Hy sal terugkom voordat ......
(*e*) Staan asseblief opsy sodat ......

21. Voltooi hierdie vergelykings:
Hy ...... soos 'n vis.
Hy ...... soos 'n esel.
Hy ...... soos 'n klip.
Hy ...... soos 'n bees van die pyn.
Hy is so sterk soos ......
Die kranse is so glad soos ......
Die skepsel is so maer soos ......

22. Vorm saamgestelde s.nwe. van: wa en as, see en eend, na en aper, perd en stal, kalf en hok, bees en kraal, kalf en liefde, hond en siekte, kat en kwaad.

23. Vaderloos beteken sonder vader; moederloos beteken sonder moeder. Voltooi nou hierdie lysie:

| | | |
|---|---|---|
| vader | vaderloos | vaderlose weeskinders |
| hoop | hopeloos | ...... toestand |
| kind | ...... | ...... huwelike |
| werk | ...... | ...... arbeiders |
| wolk | ...... | ...... lug |
| hulp | ...... | ...... kindertjies |

24. Skrywe die meervoud van: vyeblaar, blomblaar, dagblad, weekblad, voetpad, skilpad, varksog, varktrog, houtwig, ysterbrug, holrug, houtsaag, Sondag, buurman, hoofman, afgod, weerglas, bierglas, aandgebed, dankgebed, entstof, kledingstuk, kledingstof, koolstoof, beeskamp, tennishemp, boskloof, skoolhoof, verebed, klapperhaarmatras, biduur, ringmuur, ploegskaar, bloedaar.

25. Gebruik die woorde: yster, staal, koper, silwer, hout en erde om die volgende samestellinge te voltooi:

| | | |
|---|---|---|
| ...... boor | ...... draad | ...... pot |
| ...... katel | ...... ware | ...... kan |
| ...... lepel | ...... huis | ...... brug |

26. Iemand wat **moord pleeg,** noem ons 'n **moordenaar.**
Iemand wat **verloor,** is 'n **verloorder.**

Wat noem ons iemand wat: speel, vlug, lieg, trek, perdry, swerf, bou, na-aap, leer, ly, vlei, adverteer, inspekteer, loseer, eksamineer, studeer?

27. Vorm verkleinwoorde van die volgende samestelling: skaapooie, perdewa, huurmotor, boklam, skaapram, drinkdam, ooilam, bokwa, fietswiel, dwarswal, sleutelgat, speelding, gordynring, voetstoel, kopkussing, sakoorlosie.

28. Waarmee doen 'n mens dit?
(*a*) Ek slaan die tennisbal met 'n raket.
(*b*) Ek slaan die krieketbal met 'n ......
(*c*) Ek slaan die gholfbal met 'n ......
(*d*) Ek slaan 'n spyker in met 'n ......
(*e*) Ek moker 'n bokser op sy neus met ......
(*f*) Ek brei sokkies met 'n paar ......
(*g*) Ek skeer skape met 'n ......
(*h*) Ek knip hare met 'n ......
(*i*) Ek knip draad af met 'n ......

29. Vul die volgende uitroepe in: Hoera! Eina! Sa! Aa! Maggies! Hookaai! Soe! So ja!
(*a*) ...... Ons het gewen.
(*b*) ......, hoe steek so 'n doring my!
(*c*) ...... Vat hom, Bull!
(*d*) ......, maar so 'n kêrel kan hoog spring!
(*e*) ...... Wys hulle wat julle kan doen.
(*f*) ...... Nou sal jy sien wat ou Grote kan doen!
(*g*) ...... Briek aandraai!
(*h*) ...... Dis warm!

30. Gebruik die woorde tussen hakies om die onderstaande sinne te voltooi:
(*a*) Hy ...... hom ...... aan die lekker ...... (drank, dronk, drink)
(*b*) Hy is nie ...... slim ...... sy nie, maar hy is baie flukser ...... sy. (soos, as, so)
(*c*) Wat ...... jy? Ek weet nie wat die woord ...... nie. (beteken, bedoel)
(*d*) Ek ...... jy ...... jou werk, maar jy ...... darem nie die som maak nie. (kan, weet, ken)

31. Vul die regte vorm van die b.nw. tussen hakies in:
(*a*) Jy's ...... as die lafste hanswors. (laf)
(*b*) Hannie is die ...... dogter in die klas. (oud)
(*c*) Mnr. Blom is ...... as sy vrou. (gaaf)
(*d*) My mes is ...... as joune. (goed)
(*e*) Ek was gister ...... as eergister. (moeg)
(*f*) Dora werk ...... as Sara. (fluks)
(*g*) Is sy ...... of ...... as haar broertjie? (slim, dom)

32. Vul een woord in wat dieselfde betekenis het as die woorde tussen hakies:
    (*a*) Die gaste het voor (die son opgekom het) vertrek.
    (*b*) Pa rus (in die middag).
    (*c*) Dis baie warm (in die dag), maar lekker koel (in die nag) hier by ons.
    (*d*) Hy werk van (in die môre) vroeg tot laat (in die aand).
33. Gebruik sommige van die volgende voegwoorde om die onderstaande sinne te voltooi: aangesien, omdat, want, nadat, voordat, al, as:
    (*a*) ...... moet ek 'n dag wag, ek sal nie loop nie.
    (*b*) Hy huil ...... ons hom geterg het.
    (*c*) Sy moet al die werk doen ...... die bediende nie opgedaag het nie.
    (*d*) Gee hom maar die honderd pond ...... jy so baie geld gewen het.
    (*e*) Ek sal gaan ...... jy ook gaan.
34. Skryf die breuke tussen hakies voluit in woorde:
    (*a*) Hoeveel is ...... van 'n dosyn? ($\frac{1}{4}$)
    (*b*) Is ...... meer as ......? ($\frac{1}{2}$, $\frac{2}{3}$)
    (*c*) Hoeveel is ...... van 'n pond? ($\frac{5}{8}$)
    (*d*) Ek het ...... keer soveel as jy verdien. ($1\frac{1}{2}$)
    (e) Die plankie is ...... duim lank. ($21\frac{3}{8}$)
35. Vul 'n werkwoord in wat dieselfde betekenis het as die woorde tussen hakies.
    Voorbeeld: Hy (maak dit erger as wat dit is).
    Hy **oordryf.**
    (*a*) Jy moet die kamer (warm maak).
    (*b*) Hulle het die stelsel baie (beter gemaak).
    (*c*) Pa se salaris is (hoër gemaak).
    (*d*) Die pad word binnekort (langer gemaak).
36. Gebruik die volgende werkwoorde (verlede deelwoorde) in goeie sinne: aangetrek, oorgetrek, ingetrek, uitgetrek, toegetrek, weggetrek, afgetrek; voorgeneem, ingeneem, deelgeneem, aangeneem.
37. Voltooi die onderstaande sinne:
    (*a*) ...... want hy speel te sleg.
    (*b*) ...... omdat hy altyd so hard speel.
    (*c*) ...... nadat die kaptein hom gewaarsku het.
    (*d*) ...... voordat ons klaar gespeel het.
    (*e*) ...... as jy nie kan speel nie.
    (*f*) ...... aangesien hy nie geoefen het nie.
    (g) ...... tensy hy Saterdag beter speel.

38. Gebruik een woord i.p.v. die woorde tussen hakies:
    (*a*) Jy moet (sonder om 'n oomblik te versuim) gaan.
    (*b*) Hulle het (sonder enige twyfel) beter as ons gespeel.
    (*c*) Hy het (sonder hoed) in die son rondgestap.
    (*d*) Baie huise was (sonder dak) na die windstorm.
    (*e*) Ons was (sonder raad)
    (*f*) Daardie egpaar is (sonder kinders).
    (*g*) Dis 'n ...... pyn. (wat nooit ophou nie)
    (*h*) Dis 'n ...... droogte. (wat lank duur)
    (*i*) Het jy al gehoor van ...... visse? (wat vlieg)
    (*j*) Die oubaas is (baie ryk), maar sy broer is (baie arm).
    (*k*) Die osse is (baie vet), maar die ou skapies is (baie maer).

39. Wat noem ons hulle?
    (*a*) Iemand wat 'n motor bestuur, is 'n ......
    (*b*) Iemand wat 'n lokomotief bestuur, is 'n ......
    (*c*) Iemand wat 'n vliegtuig bestuur, is 'n ......
    (*d*) Iemand wat 'n boot bestuur, is 'n ......
    (*e*) Iemand wat osse drywe, is 'n ......
    (*f*) Iemand wat te perd ry, is 'n ......
    (*g*) 'n Dame wat hoede maak, is 'n ......
    (*h*) Iemand wat baie grappe maak, is 'n ......
    (*i*) 'n Dame wat boeke skrywe, is 'n ......

40. Skrywe vyf saamgestelde woorde met **-meester** en vyf met **-klerk.**
    Voorbeelde: stasiemeester, stadsklerk.

41. Gee die vroulike vorm van: sekretaris, haarkapper, voorsitter, beoordelaar, eksaminator, inspekteur, instrukteur, onderwysertjie, sosiale werker, orrelis, sanger, kleremaker, lektor, spreker, pianis, bibliotekaris, president, prinsipaal, dienaar.

42. Vul gepaste woorde in. Dit moet woorde wees wat deur klankwisseling van die vetgedrukte woorde gevorm is.
    Voorbeeld: Ek **skiet** 'n **skoot** hael.
    (*a*) Watter soort ...... **drink** jy?
    (*b*) Die ...... **klink** nog in my ore.
    (*c*) 'n Mens **sluit** 'n deur met 'n ......
    (*d*) As jy iets **wreek,** dan neem jy ......

43. Eerlik**heid** is 'n deug en oneerlik**heid** 'n ondeug.
    Voltooi die volgende woorde:

| | | |
|---|---|---|
| vriend......heid | gehoor......heid | vrymoe......heid |
| hulpvaar......heid | slor......heid | suin......heid |
| n......theid | tra......heid | voorba......heid |
| spaar......heid | spanda......heid | vergeetag......heid |

44 Skrywe die onderstaande sinne oor en begin elke keer met die woorde tussen hakies.

Voorbeeld: Ek gaan nie weer (met jou) saam nie.
**Met jou** gaan ek nie weer saam nie.

(*a*) Ons kan nie (sonder aas) visvang nie.
(*b*) Jy kan nie 'n klein vissie (met 'n groot hoek) vang nie.
(*c*) Marie kan nie (sonder 'n saal) ry nie.
(*d*) Ek kan nie biltong (met 'n stomp mes) kerwe nie.
(*e*) Die boodskapper kom (uitasem) daar aangehardloop.
(*f*) Die ou werkies kom (so speel-speel) klaar.
(*g*) Ek sal die fiets nie (vir minder as dit) verkoop nie.
(*h*) Jy sal hom (daarvan) nie oortuig nie.

(Hersien nou weer „Die Woordorde in Afrikaans" deeglik.)

45. Sê mondeling wat elkeen van die volgende is: 'n reisiger, 'n prediker, 'n tikster, 'n kaartjiesondersoeker, 'n dokwerker, 'n hotelhouer, 'n bakker, 'n sanger, 'n tronkbewaarder, 'n beoordelaar, 'n sukkelaar, 'n hengelaar, 'n skuldenaar, 'n weeskind, 'n stiefkind, 'n winkelier, 'n stadsraadslid, 'n komiteelid, 'n skoolraadslid, 'n parlementslid, 'n senator, 'n familielid, 'n werklose, 'n kinderlose, 'n boodskapper, 'n rangeerder, 'n danseres, 'n kleinhandelaar, 'n fotograaf, 'n telefoonsentrale, 'n misdadiger, 'n aankondiger, 'n tesourier, 'n kruidenier, 'n voetganger, 'n kelner, 'n teenstander, 'n hakkelaar, 'n towenaar, 'n bedelaar, 'n toneelspeler, 'n verkeerskonstabel, 'n buskondukteur, 'n telegrambesteller, 'n huishoudster, 'n sportafrigter, 'n skeidsregter, 'n messelaar, 'n meubelmaker, 'n verpleegster, 'n spekulateur, 'n sendeling, 'n handelsreisiger.

46. Verbind die onderstaande pare sinne met behulp van die verbindingswoorde wat tussen hakies staan:

(*a*) Daar staan die man. Hy het so gesê. (wat)
(*b*) Daar staan die man. Jy wil met hom praat. (wie)
(*c*) Daar staan die man. Ons het van hom gepraat. (wie)
(*d*) Dit is die bank. Ek het daarop gesit. (waarop)
(*e*) Dit is die bank. Ek het daaroor gespring. (waaroor)
(*f*) Dit is die bank. Ek het jou daarvan vertel. (waarvan)
(*g*) Ek gaan nou huis toe. Ek is vies. (want)
(*h*) Ek gaan ophou. Ek het al genoeg gespeel. (omdat)
(*i*) Hulle het koek gesteel. Ons was besig om te dans. (onderwyl)
(*j*) Ek sal gaan. Jy moet ook gaan. (as)

(Hersien „Voornaamwoorde.")

47. Vul versamelname in. (Gebruik: trop, kudde, swerm, skool, bos, kommando, werpsel, broeisel, bondel, bundel, baksel, vloot, stel, versameling.)

| | |
|---|---|
| 'n ...... beeste | 'n ...... kunstande |
| 'n ...... skape | 'n ...... soldate |
| 'n ...... varke | 'n ...... mense op 'n pawiljoen |
| 'n ...... bobbejane | 'n ...... wortels |
| 'n ...... bye | 'n ...... blomme |
| 'n ...... visse | 'n ...... wasgoed |
| 'n ...... kuikens | 'n ...... gedigte |
| 'n ...... klein varkies | 'n ...... brood |
| 'n ...... posseëls | 'n ...... skepe |

48. Rangskik die onderstaande woorde onder die hoofde: Houtwerk en Naaldwerk:

Klouhamer, handsaag, naald, skroewedraaier, vingerhoed, boor, skroef, hekel, brei, draaibank, stop, knyptang, skaaf, skêr, duimstok, plooitjies, omsoom, lympot, naaimasjien, beitel, stopnaald, els.

49. Skryf die volgende sinne oor (1) in die toekomende tyd en (2) die verlede tyd:

(*a*) Ek eet saans by my neef-hulle.
(*b*) Ons staan smôrens vroeg op.
(*c*) Die kind gooi die bal kort-kort weg.
(*d*) Die tuinjong spit die tuin diep om.
(*e*) Die bygelowige outjie draai by die kerkhof om.
(*f*) Hulle vertel alles oor.
(Hersien „Die Hooftye".)

50. Voltooi die volgende sinne:

(*a*) Ons speel elke aand by ...... op ......
(*b*) Hulle gaan môre by ...... op ......
(*c*) Julle kan netnou na ......
(*d*) Sal u asseblief vanaand om ...... na ......?
(*e*) Wil u nog Saterdag met ......?
(*f*) Hy wou eergister agter ...... met ......
(*g*) Hy kon vanoggend nie ......
(*h*) Die kruier het gisternamiddag my bagasie ......
(*i*) Die telegrambesteller het vanoggend om ......
(*j*) Die slagter het nog nie ......

51. Skryf die volgende deurmekaar sinne reg. Verander die woord-orde van die gedeelte wat tussen hakies staan:
   (*a*) Die masjinis (het gery te vinnig gister).
   (*b*) Die motorbestuurder (sal maak 'n ongeluk as hy ry so vinnig).
   (*c*) My neef (sal kom per trein môreoggend).
   (*d*) By ons (daar is nie vrugte meer nie nou).
   (*e*) Om vyfuur saans (ek gaan haal die koeie).
   (*f*) Hy was bang, (want 'n groot hond het gelê daar).
   (*g*) Hy was kwaad (ons gelag vir hom omdat het).
52. Skryf die volgende gesprekkies in die direkte rede en skryf hulle dan oor in die indirekte rede:
   (*a*) 'n Gesprek tussen 'n koper en 'n verkoper.
   (*b*) 'n Gesprek tussen 'n seun wat sy boeke by die huis vergeet het en sy onderwyser.
   (*c*) 'n Gesprek tussen 'n vrou wat kwaad is oor die maer vleis wat sy gekry het en die slagter wat die vleis gestuur het.
   (*d*) 'n Gesprek oor die telefoon tussen twee kinders wat gesels oor die volgende dag se skoolwerk.
   (*e*) 'n Gesprek tussen 'n skoolhoof en 'n stout leerling se pa of ma.
   (*f*) 'n Gesprek oor die telefoon tussen 'n kêrel en sy nôi.

   (Hersien nou weer „Direkte en Indirekte Rede").

MASKEW
MILLER